Thomas@sms.net: ’n gids

Elzebet Venter
Danie Steenkamp

LAPA Uitgewers
www.lapa.co.za

Inhoud

		Bladsy
1.	Hoe om die gids te gebruik	3
2.	Ontmoet die skrywer	4
3.	Titel, omslag en flapteks	5
4.	Vrae en opsommings oor elke hoofstuk	7
5.	Ruimte en tyd	32
6.	Vertelperspektief	33
7.	Intrige	34
8.	Karakterisering	35
9.	Temas, motiewe en simbole	37
10.	Taalgebruik	39
11.	Opsomming	40
12.	Voorgestelde antwoorde	41
13.	Resensie van THOMAS@sms.net	56
14.	Praat- en skryfaktiwiteite	57

1. Hoe om die gids te gebruik

Die doel van die gids is om ’n praktiese hulpmiddel te wees met die lees en behandel van *THOMAS@SMS.NET*. Die leeruitkomste en assesseringstandaarde word gedek en geoefen sonder om die leerders toe te gooi onder vrae.

In dié gids is daar aktiwiteite wat in drie fases opgedeel kan word: inleidende aktiwiteite, aktiwiteite tydens die lees en aktiwiteite nadat die boek klaar gelees is. Die teorie, vrae en aktiwiteite is in die gids in die volgorde gerangskik soos wat dit gebruik behoort te word:

Inleidende aktiwiteite

Ontmoet die skrywer: Hierdie bladsy kan vergroot word en in die klas opgeplak word. Die opvoeder kan die inhoud vir die klas voorlees en ’n bespreking hou oor moontlike voorkennis wat die leerders reeds het oor die skrywer.

Titel, omslag en flapteks: Voor die boek in die klas gelees word, kan hierdie gedeelte eers as inleiding gedoen word. Daar is teorie wat vir die leerders afgedruk kan word of die opvoeder kan dit voorlees. Daar is vrae oor die titel, omslag en flapteks wat skriftelik of mondelings gedoen kan word.

Tydens die lees

Vrae en opsommings oor elke hoofstuk: Die hoofstukke kan drie op ’n slag gelees word en dan kan die vrae oor daardie drie hoofstukke daarna beantwoord word. Die vrae word skriftelik beantwoord, maar die opvoeder kan selfs besluit of die leerders dit as huiswerk, in groepe van twee of in die klas beantwoord. Wissel die manier van beantwoording af. Die voorgestelde antwoorde oor al die vrae is agter in die gids. Die vrae waar leerders hulle eie opinie moet gee oor ’n saak, kan gebruik word vir kort klasbesprekings.

Nadat die boek klaar gelees is

Nadat die boek klaar gelees is, is daar verdere teorie en vrae oor die volgende aspekte wat gedoen kan word: ruimte en tyd, vertelperspektief, intrige, karakterisering, temas, motiewe, simbole en

taalgebruik. Hierdie gedeelte vereis 'n algehele perspektief op die boek en is effens moeiliker. Dit is goeie voorbereiding vir die VOO-fase. Daar is teoretiese besprekings en vrae wat mondelings of skriftelik gedoen kan word. Aan die einde van die gids is 'n afdeling met praat- en skryfaktiwiteite. Die opvoeder kan self besluit watter van die ses take as deel van die assesseringsprogram gedoen word.

2. Ontmoet die skrywer

Carina Diedericks-Hugo is gebore op 11 Maart 1977 in Johannesburg. Sy is die jongste van drie kinders en het twee ouer broers. Later het hulle Pretoria toe getrek, waar hulle vier jaar gebly het. "Dit was die wonderlikste jare ooit en ek hou steeds vol dat Pretoria 'n great plek is om in groot te word. Ek onthou Pretoria veral as die plek waar ek regtig ernstig begin lees het.

"My gunstelingboeke was die Swart Kat-reeks van Chris Sasner. (Ander gunstelinge was die Maasdorpreeks en Nancy Drew.) Ek het 'n Swart Kat-uniform gehad en het met my BMX deur die strate gery en avontuur gesoek (wat ek natuurlik nie gekry het nie) en het toe maar bly lees en begin perdry."

In die begin van graad ses trek die gesin Kaapstad toe. Aan die begin was sy nie baie gelukkig nie. "Ek was in die Laerskool Groote Schuur waar almal gedink het ek is vreemd omdat ek praat van "my mô en my pô". Ek was wel baie bly dat ons so naby aan die see was en ek baie meer perd kon ry as in Pretoria."

Carina se hoërskoolloopbaan bring sy deur by Herschel School ('n private meisieskool in Claremont). Sy was mal oor waterpolo en is in graad elf gekies as uitruilstudent na Amerika waar sy skoolgegaan het by Brooks School naby Boston. Sy en die meisie wat saam met haar was, het daarna vir ses weke deur Amerika gebackpack en uiteindelik 'n lang ruk in New York gebly.

"Ná skool is ek na die Universiteit van Stellenbosch waar vyf dinge gebeur het: ek het fantastiese vriende gemaak, ek het uitgevind ek wil skryf, ek het die wondere van witwyn ontdek, ek het my droomman ontmoet en ek het 'n BA (Internasionale Studies),

Afrikaans en Nederlands Honneurs cum laude en MPhil (Joernalistiek) gekry."

Vandag is sy getroud met die digter Daniel Hugo. Hulle bly in Stellenbosch saam met vyf katte. Sy en Daniel is mal oor restaurante en eet baie uit. Hulle gaan kruip soms naweke in Greyton weg en vakansies verken hulle vreemde plekke met name soos Ljubljana. Sy werk by Protea Boekhuis as redakteur. "Ek hou van my werk omdat ek die hele dag met my neus in 'n boek kan sit sonder dat iemand dink ek is besig om lyf weg te steek."

Ander boeke in dié reeks sluit in: *THOMAS@MOORD.NET, THOMAS@SKERPIOEN.NET, THOMAS@AQUA.NET, THOMAS@AKSIE.NET, THOMAS@NAGMERRIE.NET en THOMAS@GERAAMTE.NET.* Ander boeke van die skrywer is: *Operasie Miaau, Koning Henry* en *Die verdrinking van Josua van Eden*.

Carina Diedericks-Hugo het ook al verskeie ATKV-Kinderboekpryse gewen vir haar *THOMAS@*-boeke (2006-2008).

3. Titel, omslag en flapteks

Titel

Die titel van 'n boek is baie belangrik. Buiten vir die omslag, is die titel die eerste ding wat 'n leser raaksien en moet aantrek. As die titel vaal en verbeeldingloos is, gaan die leser nie dadelik die boek wil lees nie.

Die titel is ook die eerste aanduiding van waaroor 'n boek gaan. Dit gee die eerste vae idee van die inhoud van die boek. In *THOMAS@SMS.NET* weet die leser reeds nadat hy die titel gelees het dat SMS'e en selfone 'n rol in die storie gaan speel. Dit is ook die grootste kommunikasiemiddel tussen Thomas en sy maats en die reeksmoordenaar gebruik ook 'n selfoon om vir Thomas te tart en hom in 'n lokval te lei. Die tegnologie van die selfone word herhaal deur die gebruik van rekenaars en byvoorbeeld die kletskamers op bladsy 44. Elke titel het 'n identifiserende funksie vir die boek en is dus informatief oor die inhoud van die storie.

Partykeer is die titel egter doelbewus misleidend, maar dit vorm

weer deel van ’n spel wat die outeur met die leser speel. ’n Misleidende titel toets juis die leser se reaksie van die titel en die inhoud van die boek. Wanneer ’n titel misleidend is, bou dit ook spanning by die leser oor die inhoud van die boek op.

Die titel dui ook die genre van die boek aan, die leser weet dadelik dat hierdie nog ’n boek in die *THOMAS@*-reeks is. Hierdie voorafkennis oor die boeke veroorsaak dat die leser ’n paar verwagtinge het waaraan die boek moet voldoen, soos byvoorbeeld dat Thomas die protagonis moet wees en dat hy en sy vriende bepaalde avonture moet beleef.

Omslag

Die omslag, buiten die titel, is die ander ding wat ’n leser na ’n boek toe aantrek. As die omslag interessant en kleurvol is, sal dit die leser se aandag trek en sy nuuskierigheid oor die inhoud van die boek prikkel.

Die omslag van ’n boek word gewoonlik nie deur die outeur gekies nie, maar deur die uitgewer wat die boek bemark. Die titel van die boek, die outeur se naam en gewoonlik ’n prentjie kom op die omslag van ’n boek.

Op die omslag van *THOMAS@SMS.NET* is ’n foto van Thomas en ’n selfoon. ’n Donker skaduwee is op die agtergrond langs gordyne en woorde uit SMS’e wat later in die roman voorkom.

Flapteks

Die flapteks van ’n boek is ’n kort opsomming van die inhoud van die boek. Die flapteks moet so geskryf word dat dit die leser nuuskierig maak oor die storie, die leser moet die boek wíl lees nadat hy die flapteks gelees het.

Die flapteks skakel met die omslag van ’n boek. In *THOMAS@SMS.NET* weet die leser, nadat hy die flapteks gelees het, dat ’n reeksmoordenaar in Kaapstad moeilikheid maak. Die donker skaduwee op die omslag is dus heel waarskynlik die reeksmoordenaar. Daar is ’n toneelopvoering by die skool en Thomas wil graag die hoofrol hê, aangesien die manlike hoofrol die kans kry om vir Alex te soen. Die gordyne op die omslag verwys na hierdie toneelopvoering. Dit is ook by die skool waar die finale konfrontasie tussen die reeksmoordenaar en Thomas plaasvind.

Vrae oor die titel, omslag en flapteks

1. Dink julle die titel is gepas vir die boek?
2. Wat is die funksie van die titel in die boek?
3. *THOMAS@SMS.NET* is deel van ’n hele reeks boeke wat handel oor Thomas en sy maats. Het een van julle al die ander boeke gelees? Kan julle die titels onthou? Wat is dieselfde aan *THOMAS@SMS.NET* se titel en die ander boeke in die reeks?
4. Maak *THOMAS@SMS.NET* se voorblad julle lus om die boek te lees? Hoekom sê julle so?
5. Stem die voorblad van *THOMAS@SMS.NET* ooreen met die ander boeke in die reeks? Noem ’n paar van die ooreenkomste en verskille.
6. Hou julle daarvan dat die die foto van Thomas op die voorblad afgedruk is of nie? Verduidelik.
7. Sonder om die verhaal te lees, dink julle die titel en die omslag van die boek pas bymekaar of nie? Hoekom sê julle so?
8. As julle die voorblad van die boek kon ontwerp, wat sou julle anders gedoen het? Hoekom?
9. Dink julle die flapteks gee te veel van die boek weg? Verduidelik.
10. Hoe sou julle die flapteks anders geskryf het?

4. Vrae en opsommings oor elke hoofstuk

HOOFSTUKKE 1 – 3

Hoofstuk 1

Thomas en Hannes besoek ’n internetkafee op die laaste dag van die somervakansie. Hannes speel die *MonsterTeacher*-speletjie. Thomas onthou skielik hulle moet sy pa met sy skootrekenaar gaan help. Hulle haas verby toeriste, in Loopstraat af, na Thomas se pa se kantoor in Koningin Victoriastraat. ’n Vreemde man ry saam met hulle in die hysbak. Op die sesde vloer sê tannie Marie (Thomas se pa se sekretaresse) hulle kan deurgaan. Hannes en

Thomas maak vinnig die skootrekenaar reg. Thomas se pa, oom Johan, sê hulle moet gaan pizza kry: hy is moeg ná 'n lang dag in die hof en wil huis toe gaan. Oom Johan kry egter 'n oproep oor 'n lyk wat gevind is en die vermoede bestaan dat dit nog 'n slagoffer van 'n reeksmoordenaar is. 'n Faks met 'n profiel van die verdagte word na die kantoor gefaks en hy lyk vir Thomas baie bekend. Oom Johan stuur vir Thomas en Hannes na die restaurant in die gebou om iets te gaan drink terwyl hy 'n paar oproepe maak.

1.1 Hoekom is Hannes so ontsteld in die internetkafee?
1.2.1 Hoe voel Thomas se pa oor stiptelikheid?
1.2.2 Hoekom dink jy is stiptelikheid belangrik vir mense?
1.3 Lei af uit inligting op bladsy 5 in watter maand die storie begin. Sê kortliks waarom jy hierdie afleiding maak.
1.4 Haal 'n vergelyking aan wat Hannes gebruik om te sê dat daar baie toeriste is.
1.5 Hoekom lyk die man by Thomas se pa se kantoor vir Thomas "snaaks"?
1.6 Wat laat 'n rilling teen Thomas se rug afgly?
1.7 Wat is Thomas se pa se naam?
1.8 Hoe weet jy dat Thomas se pa dink dat Thomas en Hannes baie goed met rekenaars is?
1.9 Hoe kan jy uit wat Thomas vir sy pa sê, aflei dat Thomas weet sy pa hou nie daarvan as 'n mens jou tale meng nie?
1.10 Op watter manier beïnvloed Hannes se ma se dieetgewoontes hom?
1.11 Watter inligting is in hierdie stadium van die reeksmoordenaar bekend?
1.12 Wat is vir Thomas vreemd toe hy na die foto van die verdagte kyk?

Hoofstuk 2

Hannes ontvang 'n SMS, maar wil nie vir Thomas sê van wie af nie. Thomas en Hannes ry weer in die hysbak saam met die man van vroeër en dan gaan staan die hysbak. Thomas probeer sy pa bel, maar die nommer is beset. Thomas lees 'n gestoorde SMS van Lizemarie. Hy probeer met die man praat en raak oortuig

daarvan dié man is die verdagte op die faks wat hy vroeër gesien het. Thomas sien bloedspatsels op sy hemp, 'n mes in sy binnesak en dat die man steeds die handskoene aanhet. Thomas oortuig Hannes via SMS dat hulle dalk in gevaar is en hulle probeer vergeefs hul familie en vriende kontak: Thomas se pa, Thomas se stiefma, Louisa, en vriende Alex, Lukas en Lilian. Die man praat met Thomas-hulle, sê sy naam is Jeffrey (Jeff) en hy vra hul name ook. Jeff gebruik die mes om die hysbakdeure te probeer oopkry, maar hulle sit tussen twee vloere vas. Thomas kry 'n SMS van sy vriendin Alex wat sê daar is 'n kragonderbreking en hulp is op pad. Jeff intimideer vir Thomas met die mes en dan gaan die hysbak se deure oop.

2.1 Hoekom skrik Thomas toe die hyser se deur oopskuif?
2.2.1 Skryf "X smaak jou ore 100" in gewone Afrikaans.
2.2.2 Wie het hierdie SMS gestuur en hoekom dink jy sal dit vir Alex vies maak?
2.3 Noem drie dinge wat Thomas laat dink het die man in die hysbak is die reeksmoordenaar.
2.4 Stem jy saam dat die beskrywing van die man se gesig stereotipies is van 'n skurk? Hoekom sê jy so?
2.5 Watter kleur is Thomas en Hannes se hare onderskeidelik? (Let op in die res van die boek hoe baie die verteller na hul haarkleur verwys. Daar is later 'n vraag daaroor.)
2.6 Voltooi deur telkens een of twee woorde neer te skryf: Thomas sukkel om sy pa te kontak, want sy pa se fone is of _____ of _____ of _____.
2.7 Wat is die man in die hysbak se naam?
2.8 Wat is Thomas se stiefma se naam?
2.9 Hoekom sal dit nie help as Hannes sy ma om hulp bel nie?
2.10 Hoekom dink Thomas sy vriendin Alex is "superslim"?
2.11 Wat sou jy anders gedoen het as jy in Thomas en Hannes se situasie in die hysbak was?

Hoofstuk 3

Jeffrey vlug sonder dat die polisie of Advokaat Steyn (Thomas se pa) hom sien. Thomas en Hannes is ongeskonde en die polisie vra hulle om 'n verklaring te kom aflê. Hannes ontvang 'n SMS

van Marelise Koep waarin sy hom nooi om op die rivier te vaar en te braai. Thomas is vies omdat Hannes onder die huidige omstandighede aan meisies dink. Hy verander egter van plan toe hy vir Alex sien en besluit Alex is dalk belangriker as om aan die reeksmoordenaar te dink.

3.1 Skryf die volgende sin oor en vervang een woord sodat die stelling waar is: Die man in die hysbak het ontsnap omdat die polisie gedink het die hyser gaan op die sesde verdieping stop.
3.2 Wat is Thomas se pa se titel en van?
3.3 Wie is die meisie wat vir Hannes SMS?
3.4 Thomas vererg hom eers vir Hannes oor hy ’n meisie SMS terwyl daar ’n reeksmoordenaar los is. Wat sien Thomas wat hom laat afkoel?
3.5 Dink jy Jeffrey is die reeksmoordenaar? Sê kortliks hoekom jy so dink.

HOOFSTUKKE 4 – 6

Hoofstuk 4

Thomas en Hannes het met ’n sielkundige, Theresa, gepraat oor wat met hulle in die hysbak gebeur het. Daar is daardie Vrydag oudisies vir die riller wat juffrou Malherbe by die skool wil opvoer. Alex wil hê sy, Thomas, Hannes, Lukas en Lilian moet vir oudisies gaan. Thomas wil nie eintlik nie, maar die ander, sy pa inkluis, probeer hom oortuig. Thomas se pa sê ’n toneelstuk is hoe hy Thomas se ma (wat ’n paar jaar terug dood is) ontmoet het. Thomas wonder of hy en Alex al amptelik uitgaan, al weet almal hulle is saam. Hy besluit om die toneelstuk ’n kans te gee ter wille van Alex. Hannes se suster se naam is Carla. Thomas se pa sê Hannes moet daardie aand by hulle bly en dat hy en Thomas nie die volgende dag skool toe moet gaan nie. Verder sal hy Hannes se ouers bel en hulle inlig oor wat gebeur het en ook vir meneer Volschenk by die skool bel.

4.1 Voltooi die volgende deur telkens net een woord neer te

skryf: Thomas sit en eet _____ wat deur die polisie se _____ "aanbeveel" is. Hy dink aan die reeksmoordenaar en is so ingedagte dat hy nie eers hoor toe _____ hom vra oor die toneelstuk waarvan juffrou _____ hulle voor die vakansie vertel het nie.

4.2 Hoekom besluit Thomas tog om by die toneelstuk betrokke te raak?

4.3.1 Wat is die skoolhoof van die Hoërskool Leeukop, meneer Volschenk, se bynaam?

4.3.2 Wat voorspel jy sê die bynaam van sy voorkoms?

4.4 Hoekom gaan Thomas en Hannes die eerste skooldag misloop?

Hoofstuk 5

Thomas is bly hulle hoef nie skool toe te gaan nie, want almal gaan hulle te veel uitvra. Louisa maak vir hulle omelette en terwyl hulle eet, tel sy Thomas se halfsuster, Lara, op haar heup. Thomas vra Hannes later uit oor die SMS wat hy die vorige dag ontvang het, maar tot sy frustrasie kan hy net die volgende uitvind: die meisie se ma-hulle is vriende met Hannes se ouers, sy is oorspronklik van Potchefstroom af, hulle het nou Kaap toe getrek, sy is in graad agt, haar naam is Marelise en sy gaan by Hoërskool Leeukop skool. Thomas wonder of Hannes op haar verlief is en terg hom 'n bietjie. Ná hulle besoek aan die sielkundige kla die seuns dat sy heeltyd dieselfde vrae gevra het. Hulle besluit dat al was die ou die reeksmoordernaar sou hulle veilig wees, want hy val net vroue aan. Hulle soek op die Internet inligting oor die moordenaar, kry maar min en al wat werklik bevestig is, is dat hy ses vroue helder oordag in Kaapstad verwurg het. Thabo Mnyani, Thomas se buurman en vriend, se ma is 'n joernalis en hulle besluit om haar daardie aand te vra of sy meer oor die saak weet. Thomas en Hannes raak weer honger en besluit om burgers by Café Royale in Langstraat te gaan eet.

5.1 Rangskik die volgende gebeure chronologies deur slegs die letters in die regte volgorde neer te skryf:

(a) Thomas-hulle besoek die sielkundige.

(b) Thomas se gesin trek in 'n ou Victoriaanse huis in.

(c) Thomas en Hannes eet omelette en gesels oor die meisie wat vir Hannes ge-SMS het.
(d) Die Internet lewer nie veel inligting oor die reeksmoordenaar op nie.
(e) Ses vroue word in Kaapstad verwurg.

5.2 Ons lees die volgende gedagte wat Thomas het: “Hy vertel altyd alles vir Hannes, maar dié ou is so misterieus soos ’n flippen meisie”.

5.2.1 Hoekom dink jy wil Hannes nie vir Thomas van die meisie vertel nie?

5.2.2 Dink jy meisies is meer misterieus as seuns? Sê kortliks hoekom jy so dink.

5.3 Gee ’n feit wat bewys dat Thabo se ma ’n belangrike joernalis is.

Hoofstuk 6

’n Onbekende man kyk na ’n motor wat voor ’n huis stilhou. In die motor is ’n mooi blondekopvrou met skouerlengte hare en daar is twee tienerseuns by haar. Die man dink dis vreemd dat die tieners daardie tyd van die dag nie by die skool is nie. Die man raak opgewonde as hy die vrou sien en ’n gevoel pak hom beet. Hy trek handskoene aan, maar die vrou ry weg.

6.1.1 Hoe verskil die lettertipe (tipografie) van hierdie hoofstuk van die vorige vyf hoofstukke?

6.1.2 Gee ’n moontlike rede vir die verskil.

6.2 Wie dink jy is die man in die motor? Verduidelik wat jou so laat dink.

6.3 Wie dink jy is die vrou en die twee tieners? Verduidelik hoekom jy so sê.

HOOFSTUKKE 7 – 9

Hoofstuk 7

Thomas en Hannes is terug by die skool. Hannes soek vergeefs tussen die graadagts na Marelise en Thomas kan steeds nie glo hoe verlief Hannes is nie. Thomas praat met Lukas en hy vra hom

waar Alex en Lilian is. Thomas sien Alex met ’n onbekende seun praat. Dié seun is lank, maer, het kort, valerige hare en lyk baie netjies. Lilian sê die seun se naam is Piet Senekal en hy het glo vir drie jaar in Engeland gebly. Dis duidelik dat Lilian nie van Piet hou nie. Thomas en sy vriende is almal in juffrou Du Plessis se klas. Toe die klok lui, roep Thomas vir Alex om by hulle in die ry te kom staan. Piet kom ook saam en hy stamp vir Thomas uit die pad toe hy by die ry inwriemel om langs Alex te staan. Thomas raak baie kwaad en konfronteer vir Piet. Thomas stamp vir Piet en slaan hom nadat Piet hom verder beledig. Die hoofseun, Johan Lubbe, stuur vir Thomas en Piet na die skoolhoof, meneer Volschenk, se kantoor toe.

7.1 Voltooi die volgende deur een woord neer te skryf: Thomas is bly hy is nou in graad nege, want graadagts is die _____ van die skool.
7.2 Hoekom dink jy steek Thomas “ingedagte sy hemp in sy broek” toe hy vir Piet met Alex sien praat?
7.3 Noem twee dinge wat Alex doen, wat dit laat lyk of sy met Piet flirteer.
7.4 Thomas raak handgemeen nadat Piet hom stamp en beledig. Wat sou hy anders kon doen wat nie gewelddadig is nie?

Hoofstuk 8

Meneer Volschenk is baie kwaad vir Thomas en wil nie eers sy kant van die saak hoor nie. Hy sê Piet is ’n “sterleerder” wat akademies briljant en ’n fantastiese redenaar, akteur en skaakspeler is. Piet se pa is ’n baie belangrike man en hy gaan baie geld aan Hoërskool Leeukop skenk. Volgens Volschenk maak Thomas en Hannes net moeilikheid by die skool. Hy stuur Thomas vir drie dae huis toe vir “afkoeltyd”. Toe Thomas by die skoolhek uitstap, stuur hy vir Hannes en Alex ’n SMS om te verduidelik hoekom hy nie by die skool is nie.

8.1 Haal twee woorde aan wat bevestig dat meneer Volschenk baie oorgewig is. (Die een woord beskryf hoe hy stap en die ander is ’n woord wat met die stoel te doen het waarop hy gaan sit.)

8.2 Wat is die redes hoekom meneer Volschenk nie Thomas se kant van die saak wil hoor nie?

8.3 Thomas is baie kwaad vir meneer Volschenk omdat hy voel dat hy hom onregverdig behandel. Met gebalde vuiste dink hy dat hy eerder die skoolhoof moes klap en toe hy loop, wou hy die deur toeklap. Thomas doen egter nie een van die twee nie weens verskeie moontlike redes. Kies twee van die volgende redes wat jy as die belangrikste beskou en skryf dit neer.

- Geweld is nooit die oplossing nie.
- Hy sal in meer en groter moeilikheid beland.
- Hy sal sy gesin in die verleentheid stel.
- Hy respekteer ouer mense en mense in gesagsposisies.
- Hy is eintlik ’n goeie ou wat weet waar om die streep te trek.

Hoofstuk 9

Die onbekende man is weer by die Victoriaanse huis. Hy weet die vrou is alleen, want die man en twee seuns wat daar bly, is weg. Hy trek sy handskoene aan en gaan by die kombuisdeur in. Hy kruip in die spens weg toe hy die vrou se stem en nog ’n jonger stem hoor.

9.1 Kyk weer na vraag 2.5 oor Thomas en Hannes se haarkleure. Hoe kom haarkleur weer in hierdie hoofstuk ter sprake?

9.2 Hoe laat dit jou as leser voel dat jy weet dat die onbekende man in die huis is en in die spens wegkruip? Antwoord deur een woord neer te skryf.

9.3 Wat is die moontlike verband tussen die jong stem wat die man hoor en die gebeure in meneer Volschenk se kantoor?

HOOFSTUKKE 10 – 12

Hoofstuk 10

Thomas loop so stadig as moontlik huis toe. Hy besluit daarteen

om agterom die huis na sy solderkamer te sluip, want Louisa sal haar boeglam skrik as sy hom dalk daar kry. Louisa sê hy kan wag tot sy pa daardie aand van die hof af kom om die storie te vertel. Louisa sê hulle moet maak of dit 'n vakansiedag is en stel voor hulle bak pannekoek. Thomas moet meel in die spens gaan haal en kan nie die lig aanskakel nie, want die gloeilamp is geblaas. Hy hoor iets wat skuif in die spens en sê later vir Louisa daar moet 'n rot of 'n muis daar wees. Terwyl hulle met die pannekoek besig is, begin Lara huil en Louisa sê Thomas moet solank op sy eie aangaan. Thomas stel voor dat hy gaan, maar Louisa sê Lara moet nog medisyne ook kry. Terwyl Thomas sukkel met die pannekoek, hoor hy weer 'n geluid uit die spens. Hy maak dit af as 'n nuk van hulle ou Victoriaanse huis.

10.1 Hoekom kan 'n mens nou met sekerheid sê dat die onbekende man in Thomas-hulle se spens wegkruip?
10.2 Waarom sien Thomas nie die man toe hy in die spens is nie?
10.3 Hoe laat dit jou teenoor Thomas en Louisa voel dat jy weet die man is in die spens en hulle weet dit nie.

Hoofstuk 11

Thomas lê versadig op sy bed en besluit dit help nie hy bekommer hom te veel oor hoe sy pa daardie aand gaan reageer nie. Niemand van die skool het hom nog probeer kontak nie en hy besluit om vir Thabo te kontak. By Thabo se Engelse privaatskool het almal skootrekenaars wat hulle in elke klas aan 'n netwerk kan koppel. Hy besluit teen 'n e-pos en knoop 'n geselsie aan deur middel van Windows Messenger in 'n kletskamer. Hy vertel vir Thabo kortliks wat by die skool gebeur het en hulle spreek af om daardie middag rekenaarspeletjies te speel en Thabo sê hulle moet daardie Saterdagaand partytjie hou. Thomas sien uit na die vooruitsig en onthou dis by 'n vorige partytjie by Thabo dat hy besef het hoe baie hy van Alex hou. Hy wil graag 'n bietjie tyd alleen saam met haar spandeer. Thomas skrik later wakker toe Hannes die slaapkamerdeur toeklap. Hannes vertel dat die skooldag maar vervelig was. Daar is 'n nuwe reël dat selfone nie tydens skoolure gebruik mag word nie omdat dit lesure ontwrig, daar te

veel selfone gesteel word en omdat iemand die vorige jaar in die eksamen met ’n selfoon probeer kul het. Thomas vertel vir hom wat in meneer Volschenk se kantoor gebeur het en Hannes sê Lukas sê Piet is ’n mislike ou. Thomas wil weet wat Alex van die bakleiery gesê het. Hannes het haar nie eintlik gesien nie, maar sê sy kom daardie aand na Thomas-hulle toe om goed vir die oudisie te bring. Thomas sê hy wil nie aan die toneelstuk deelneem nie. Volgens juffrou Malherbe gaan Alex glo die hoofrol kry en Piet Senekal sê glo vir almal dat hy die manlike hoofrol gaan losslaan.

11.1 Watter verskille is daar tussen Thabo en Thomas se skole?
11.2 Wat is die reëls oor selfone by jou skool? Hoe voel jy daaroor?
11.3 Hoekom dink jy is daar ’n kans dat Thomas wel by die toneelstuk betrokke sal wil raak as Alex die hoofrol kry?

Hoofstuk 12

Terwyl Thomas-hulle eet, dink hy dat mense bo dertig se koppe raas: eers het meneer Volschenk met hom geraas en toe sy pa. Hy en Hannes het vroeër lekker by Thabo speletjies gespeel totdat Louisa hulle kom roep sodat Thomas met sy pa kan praat. Sy pa het skaars geluister wat sy verduideliking was en het gesê net skollies slaan aan ander mense en Thomas is nie so grootgemaak nie. Later die aand vertel Thomas se pa dat hulle die man gevang het wat saam met Thomas en Hannes in die hysbak vasgesit het. Dié man is toe nie die reeksmoordenaar nie, maar ’n eks-kêrel van ’n sekretaresse in die gebou en hy wou haar net skrikmaak. Alex daag op en Louisa sê hulle kan nagereg in die gesinskamer eet. Thomas besluit hy sal haar daardie naweek uitvra. Hannes praat met Marelise op sy selfoon. Alex is afgehaal toe Thomas sê hy wil nie in die toneelstuk speel nie. Hannes probeer hom oortuig dat die teks baie interessant is: mense is in ’n huis vasgekeer met ’n moordenaar in hulle midde. Hannes is oortuig hy sien iemand by die venster, maar Thomas dink hy is net verspot. Alex, wat ook redelik oortuig is sy gaan die hoofrol kry, sê vir Thomas dat haar karakter die manlike hoofrol moet soen en sy wil hê dit moet Thomas wees. In plaas daarvan om

Alex uit te vra, stem hy in om vir die oudisie te gaan. Later die aand dink Thomas aan iemand wat hom kan help voorberei vir die oudisie wat oor twee dae gaan plaasvind. Hy besluit op Louisa wat 'n aktrise was en besluit om haar sommer onmiddellik te gaan vra.

12.1 Hoekom groepeer Thomas vir Piet saam met die mense bo dertig?
12.2 Watter twee dinge, sê Thomas se pa, is redes waarom Thomas nie vir Piet moes geslaan het nie?
12.3 Hoe verskil Alex en Hannes se metodes om Thomas te probeer oortuig om 'n oudisie af te lê?
12.4 Hoe weet ons dat Louisa moontlik 'n goeie aktrise was?

HOOFSTUKKE 13 – 15

Hoofstuk 13

Die Vrydag van die oudisie is Thomas baie gespanne en doen ontspanningsoefeninge soos Louisa hom geleer het agter in die 13.1.1 _____. 13.1.2 _____ onderbreek hom en sê Thomas is 'n amateur sonder talent. Thomas ignoreer hom en besluit om eerder op die rol, 13.1.3 _____ en die soen te fokus. Daar is omtrent dertig mense by die oudisie – onder andere 13.1.4 _____, Alex, Hannes en Lukas. Hannes wil die rol van die moordenaar hê. Toe Alex vir Thomas vra of hy reg is, slaan hy sy arm om haar skouers. Lukas gaan help met klank en 13.1.5 _____. Juffrou Malherbe sê daar is net agt hoofrolle en hulle gaan oudisies aflê in groepe wat aangedui het hulle wil 'n spesifiek rol speel. Die hoofkarakters se name is Beatrix en Ludwig en 13.1.6 _____ is die moordenaar. Alex en die ander wat Beatrix wil speel, is eerste aan die beurt. Volgens Thomas verloop Alex se oudisie uitstekend. Thomas en elf ander gaan probeer vir Ludwig. Hulle moet, net soos die meisies, 'n monoloog doen en dan 'n dialoog saam met iemand wat 'n ander rol speel. Thomas gaan eerste en al is hy baie gespanne, kom Louisa se raad hom goed te pas. Hy sien ook vir Louisa agter in die saal raak en voel asof hy Ludwig word. Piet wat volgende is, beïndruk nie vir Thomas nie, want dit lyk of

hy net homself speel. Steven 13.1.7_____, wat glo baie aantreklik is, kan ook volgens Thomas nie eintlik toneelspeel nie. Tot Thomas se teleurstelling moet hy later sy dialoog-stuk saam met 13.1.8 _____ doen. Hy is egter baie ingenome toe juffrou Malherbe sê hy en Alex moet ook die toneel doen.

13.1 Soeklees die hoofstuk vir die woorde wat uit die opsomming van die hoofstuk weggelaat is. Skryf telkens slegs jou antwoord en die nommer neer.
13.2 Hoekom sal 'n mens kan sê dat Thomas hierdie keer meer volwasse opgetree het toe Piet hom weer beledig?

Hoofstuk 14

Die onbekende man gaan na Thomas-hulle se huis toe toe hy seker is niemand is tuis nie. Hy verkry toegang tot die huis deur die buite-ingang van Thomas se solderkamer. Hy het laas die sleutel gesteel nadat hy in die spens weggekruip het. Hy kyk in Thomas se kamer rond en sien dat Hannes nog daar bly. Hy gaan na die hoofslaapkamer en ruik aan 'n mooi wit rok wat in die hangkas hang.

14.1 Hoe kom ons agter dat Thomas en sy gesin nie juis veiligheidsbewus is nie?
14.2 Watter bewering van Hannes, in Hoofstuk 12, bevestig die onbekende man in hierdie hoofstuk?
14.3 Soos in sommige van die vorige hoofstukke word alles vanuit die man se perspektief vertel en nie vanuit Thomas se perspektief nie. Hoe laat dit jou voel as jy dit lees? Kies een of meer van die volgende en skryf net jou keuse(s) neer.
(a) Dit onstel my.
(b) Dit maak my effens bang.
(c) Dit laat my vrees vir Thomas en veral vir Louisa.
(d) Dit betrap my effens onkant.
(e) Dit maak die boek meer spannend en interessant.

Hoofstuk 15

Louisa sê in die kar op pad terug dat sy dink Thomas en Hannes

se oudisies was baie goed. Sy dink Piet Senekal is goed, maar dat hy net daar is vir sy eie glorie en dat hy waarskynlik nie die karakter sal word nie. Hannes gaan by Thabo speletjies speel en daar eet ook. Thomas mag nie saamgaan nie, want sy pa het hom gehok. Hy mag vir ’n maand nie uitgaan nie en sy rekenaar net vir skoolwerk gebruik. Thomas is bekommerd dat Piet by Alex gaan aanlê in die tyd wat hy nêrens heen mag gaan nie. Hannes reken Thomas moet Alex amptelik vra om sy meisie te wees. Thomas vervang die spens se gloeilamp en sien iets vreemd: daar is suiker gemors en daar is ’n afdruk van ’n skoen in die suiker. Die spoor is baie groot en kan nie iemand van die huis s’n wees nie. Thomas besef daar was ’n vreemdeling in hul spens.

15.1 Sê of die volgende stelling waar of onwaar is en gee ’n rede vir jou antwoord: Louisa is huiwerig om te vinnig vir Piet te oordeel.
15.2 Wat behels Thomas se straf van sy pa?
15.3.1 Hoe weet Thomas die voetspoor in die spens is nie sy pa s’n nie?
15.3.2 Wat sê dit van sy pa se rol in die kosmaak in hulle huis?
15.4 Watter onstellende ding besef Thomas aan die einde van dié hoofstuk?

HOOFSTUKKE 16 – 18

Hoofstuk 16

Thomas oefen atletiek en hy kry maar swaar, maar wil nie sleg vaar nie, want sy vriende – en Alex – kyk na die oefening. Meneer du Toit is die afrigter. Thomas en Lukas terg vir Hannes omdat hy nie atletiek doen nie. Die tieners sien uit na die interhuis-atletiek en die dans daarna. Thomas kan nie deel in die opwinding nie, want hy is steeds gehok. Lukas en Lilian gaan saam na die dans toe en Hannes gaan saam met Marelise. Toe Thomas vir Alex vra saam met wie sy gaan, praat sy dit weg en sê hulle moet gaan kyk na die lys wat sou opgaan om te sê wie die rolle in die toneelstuk gekry het. Hulle is baie opgewonde, want Thomas en Alex het die hoofrolle gekry. Hannes speel die man, Bertus, wat vermoor word.

Piet kondig aan dat hy die rol van die moordenaar gekry het. Toe Thomas hom tart deur te vra of hy nie vir die hoofrol probeer het nie, kap Piet terug dat Thomas dalk nie vir lank die hoofrol gaan hê nie. Hy sê Thomas was geskors op die dag van die oudisies en dat die skoolhoof met hom sal saamstem dat hy dus die rol verbeur. Thomas raak baie kwaad maar beteuel hom. Piet sê ook dat hy dalk permanente skade van Thomas se vuishou gaan oorhou en dat dit Thomas duur gaan kos.

16.1 Hoe kom ons agter dat Thomas ernstiger oor rugby as atletiek voel?
16.2 Wat is Hannes se houding oor die interhuis-atletiek?
16.3 Hoekom grawe Thomas in sy sportsak rond terwyl almal oor die komende dans praat?
16.4 Hoekom is dit ironies dat Hannes die rol van Bertus gekry het?
16.5 Dink jy Piet maak 'n geldige punt dat Thomas nie die rol mag speel nie omdat hy op die oudisiedag eintlik nog geskors was? Sê hoekom jy so dink.

Hoofstuk 17

Thomas is baie ontsteld omdat meneer Volschenk gesê het Piet is reg: hy mag nie in die toneelstuk speel nie. Hy lê met sy vuil lyf op sy bed en wil net alleen wees. Hannes probeer met hom praat, maar Thomas haal sy woede op hom uit. Hannes stel voor dat Thomas se pa moet probeer om 'n skuiwergat (*loophole*) te kry om Piet se teorie te omseil. Thomas is nie so seker of sy pa bereid sal wees om te help nie. Louisa roep die seuns sodat hulle die koekies wat sy gebak het, kan kom eet. Sy sê egter hulle moet eers twee gate vir roosboompies in die tuin grawe. Terwyl hulle praat, kom daar 'n man na die voordeur toe en hy sê vir Louisa hy soek sy eks-vrou wat saam met hulle dogtertjie in daardie omgewing kom bly het. Die man is glo baie hartseer omdat hy sy dogtertjie jare laas gesien het. Hannes en Thomas grawe die gate en Hannes gaan in die huis in terwyl Thomas die boompies plant. Toe Thomas die plastieksakkies waarin die boompies was, gaan weggooi, sien hy 'n man by hulle wasgoedlyn wat een van Louisa se wit rokke vashou. Die man hardloop weg voordat Thomas 'n woord kan uitkry.

17.1 Besluit watter dinge in kolom A die beste by die dinge in kolom B pas. Skryf telkens slegs die nommer en letter neer:

KOLOM A		KOLOM B	
17.1.1	Die woord “pong”.	(a)	Piet Senekal.
17.1.2	Is “buddies” met die skoolhoof.	(b)	Omkoop.
17.1.3	Die woord “loophole”.	(c)	Onbekende man.
17.1.4	Koekies.	(d)	Roosboompies plant.
17.1.5	’n Wit rok vir die tweede keer.	(e)	Beteken jy ruik sleg.
17.1.6	Thomas weet hoe.	(f)	Die Afrikaans is “skuiwer-gat”.

17.2 Wie dink jy is die man wat met die storie oor sy eks-vrou en dogtertjie gekom het?

Hoofstuk 18

Die onbekende man sit in sy kar en dink oor wat aan die gang is. Die mooi vrou wat hy “syne” wil maak, laat hom al hoe meer van sy gewone planne afwyk. Hy sou haar moes “stilmaak” as sy – en nie die seun nie – hom betrap het toe hy die wit rok wou steel. Sy het boonop ook al sy gesig gesien. Hy sou dit sonder handskoene moes doen. Hy is bly hy het met haar gepraat en dink met lekkerte terug aan hul gesprek. Hy besluit om iets aan die seun te doen, want hy ry aanmekaar sy planne in die wiele.

18.1 Dit is nou al baie duidelik dat die onbekende man die moordenaar is en dat Louisa die vrou is wat hy teiken. Hoekom, dink jy, sê die verteller nie direk dat dit hulle is nie.

18.2 Hoekom wil die onbekende man “iets omtrent die seun” doen?

HOOFSTUKKE 19 – 21

Hoofstuk 19

Thomas mag in die toneelstuk speel. Sy pa het met die skoolhoof gepraat en daar is besluit dat Thomas se skorsing teen die einde van die skooldag op die Vrydag van die oudisie verby was. Meneer Volschenk en Piet is glo nie baie tevrede daarmee nie. Terwyl Alex vir die ander vertel sy dink teaters is spokerig, hoor hulle iets agter op die verhoog val. Later hoor hulle weer iets val en Alex gaan kyk wat aangaan. Sy sê dis net ’n kat en sy het dit uitgelaat. Juffrou Malherbe kom in en laat hulle in ’n kring sit en sy verduidelik hoe hulle die toneelstuk gaan aanpak. Tot Hannes se vermaak moet hulle onder andere spanningsfilms kyk as huiswerk. Ná die repetisie skerts Hannes dat Thomas-hulle se huis “scary” genoeg is met al die vreemde dinge wat daar gebeur: die voetspoor en die man by die wasgoedlyn. Thomas se pa reken glo dit was dalk hy self wat die voetspoor gelaat het en dat die man in die tuin ’n bergie was. Thomas is egter nie oortuig nie, want die man was nie verslons nie. Thomas dink amper sy sportsak, waarin sy selfoon is, is weg toe hy vir Louisa wou SMS om hulle te kom haal. Hy kry dit op die verhoog en hoor weer iets agter die verhoog. Hy gaan kyk wat aangaan en ontdek daar ’n jong seun, Vuyo, wat daar bly. Thomas vind uit dat Alex ook weet Vuyo bly daar. Thomas gee vir hom ’n sweetpaktop en twee appels en belowe hy sal vir niemand sê dat die seun daar bly nie.

19.1 Voltooi die blokkiesraaisel deur die leidrade te gebruik. Die blokkiesraaisel het nie nommers nie en jy sal self moet besluit hoe die woorde moet inpas. Jy kry wel ’n verdere leidraad wat sê of die woord “Af” of “Dwars” geskryf is.

- Sy dink teaters is spokerig. (Dwars)
- Dit is hoe meneer Volschenk lyk omdat hy kwaad is dat Thomas weer in die toneelstuk mag speel. (Dwars)
- Dit trek twee keer Thomas-hulle se aandag voor die repetisie begin. (Af)
- Die Afrikaans vir “thespians”. (Af)
- Die tyd wanneer hulle soms sal moet repeteer. (Dwars)

- Dit beteken jy ken jou woorde vir ’n toneelstuk. (Dwars)
- Thomas is nie oortuig die man in die tuin is so ’n mens nie. (Dwars)
- Thomas het al een hiervan verloor. (Af)
- Die naam van die jong seun wat agter die verhoog bly. (Dwars)
- Thomas gee twee hiervan vir die jong seun. (Dwars)



Hoofstuk 20

Thomas is baie verveeld in die Afrikaansklas en kom verwonderd agter dat Hannes besig is om ’n brief vir Marelise te skryf. Thomas kla dat hy nog nie eintlik die meisie ken nie. Pouse keer Thomas vir Alex en Lilian voor om met Alex te oor Vuyo te praat. Hulle vind uit dat hulle al drie weet hy bly daar. Terwyl Lilian vir Vuyo ’n pastei gaan koop, vertel Alex vir Thomas hoe hulle uitgevind het hy bly daar. Lilian en Alex het hom die op die eerste skooldag agter die meisies se toilette gekry. Hulle het vir hom plek by ’n skuiling gekry, maar hy weier om die skool te verlaat. Dis toe dat hulle hom agter die verhoog laat wegkruip het omdat niemand

eintlik daar kom nie. Vuyo is vreesbevange vir iemand en het die woorde “wit duiwel” en “wapen” oor en oor gesê. Hy is nou rustiger, maar Thomas en Alex wonder wat dit kan wees wat hom so bangmaak. Hannes onderbreek hulle gesprek met die nuus dat daar glo nog ’n vrou deur die reeksmoordenaar vermoor is. Dit was ’n blok van hulle skool af en dit lyk of die ou briesend was.

20.1 Stem jy met Thomas saam dat voorgeskrewe boeke “oor meisies wat verlief raak op ouens wat al baarde het” grillerig is om te lees. Sê kortliks hoekom jy so dink.
20.2 Hoekom reken Thomas moes Hannes eerder ’n e-pos vir Marelise geskryf het?
20.3 Waarom was dit eintlik nie nodig dat Thomas alleen met Alex oor Vuyo praat nie?
20.4 Wat is Vuyo se woorde “mhlophe uSathana” en “isitshetshe” in Afrikaans?
20.5 Wat is die verband tussen die polisieman se beskrywing van die moordtoneel en die woorde wat Vuyo vantevore oor en oor gesê het?

Hoofstuk 21

Die reeksmoordenaar sit en kyk na die atletiekbyeenkoms by Thomas se skool. Hy voel goed nadat hy ’n vrou twee dae vantevore vermoor het. Nou kan hy weer fokus op Louisa. Hy sien vir Thomas hardloop en hoe hy tweede kom. Die moordenaar het Thomas se selfoonnommer op Louisa se lys in haar kombuis afgeskryf en hy stuur vir Thomas ’n SMS.

21.1 Waaruit kan jy aflei dat Thomas-hulle besig is met hul kleuresport?
21.2 Hoekom het die moordenaar nie Louisa se nommer ook afgeskryf nie?
21.3 Haal een woord aan wat uiteindelik finaal bevestig dat die moordenaar wel op Thomas se spoor is.

HOOFSTUKKE 22 – 24

Hoofstuk 22

Thomas is die aand van die interhuisdans alleen by die huis. Sy pa en Louisa is uit, Lara is by Louisa se ma-hulle en sy vriende is by die dans. Hy wonder oor die vreemde dreig-SMS wat hy die vorige dag gekry het. Die nommer van die stuurder is onbekend en Thomas wonder of dit dalk van Piet af kom. Hy kry vir hom Coke en toe lui die voordeurklokkie. Hy is baie bly dat dit Alex is wat hom met twee pizzas geselskap kom hou het. Alex is verbaas dat Thomas gedink het sy sou saam met Piet na die dans wou gaan – hy het in elk geval ’n meisie in Johannesburg. Sy laat dit deurskemer dat sy nie sonder Thomas na die dans wou gaan nie. Alex verdedig vir Piet effens en sê dit moet vir hom moeilik wees om by ’n nuwe skool in te pas. Thomas en Alex skrik groot toe hulle skielik voetstappe teen die houttrap hoor afkom.

22.1 Bly jy soms ook soos Thomas alleen in die aand by julle huis?
22.2 Hoekom dink jy het Thomas rede om bang te wees om daardie aand alleen by die huis te wees?
22.3 Hoe wys Alex deur haar keuse van ’n pizza vir Thomas dat sy vir hom omgee?
22.4 Watter spesifieke ding laat Thomas dink dat Alex ’n “bloeiende hart” het?
22.5 Wat was jou eerste instink oor wie dit moontlik kon wees wat by die trappe afgekom het?

Hoofstuk 23

Tot Thomas en Alex se verligting is dit net Thabo wat by Thomas kom kuier het. Hy het deur Thomas se buitedeur gekom wat Thomas gedink het toe was. Thabo sê vir Thomas dat sy ouma, ’n sangoma, ’n boodskap gestuur het dat Thomas op die uitkyk moet wees vir bose geeste en wit duiwels. Alex merk op dat Vuyo ook van “wit duiwels” praat. Hulle vertel vir Thabo van Vuyo. Thomas se skoolvriende daag saam met Marelise en ’n vriendin van haar, Busi, by Thomas se huis op, want die dans het hulle verveel. Terwyl almal saam van die pizza eet, besef Alex haar hangertjie is

weg. Alex en Thomas gaan soek buite daarna. Thomas vra uiteindelik vir Alex om vas uit te gaan en hulle soen.

23.1 Watter ding wat jy van Thomas se buitedeur weet, maak jou bekommerd dat dit oop was terwyl Thomas gedink het dit is toe?
23.2 Thabo maak sy ouma se waarskuwing aan Thomas oor die "white devils" as "mumbo jumbo" af. Hoekom onstel dit tog vir Alex?
23.3 Wat is Thomas se opinie van Marelise?
23.4 Hoekom noem Thomas sy vriende "vrate"?
23.5 Watter twee belangrike dinge het gebeur toe Thomas en Alex na haar hangertjie gaan soek het?

Hoofstuk 24

Thomas word opgewonde wakker ná die vorige aand. Hy stuur vir Alex 'n SMS en is verbaas dat enige meisie hom kan inspireer om romanties te wees. Hy en Hannes gaan kombuis toe waar hulle sy pa aantref. Thomas kry 'n SMS van Alex waarin sy voorstel dat hulle saam met Hannes-hulle gaan ysskaats. Thomas is steeds gehok en hy en Hannes moet aan 'n plan dink. In die koerant is daar 'n artikel oor die reeksmoordenaar: hy is nog op vrye voet, daar is 'n foto van die moordtoneel en baie mense bel met leidrade of beweer hulle is die moordenaar. Daar is 'n gedeeltelike vingerafdruk op die toneel gekry. Louisa kom ontsteld met haar wit rok aan wat sy gesny en geskeur in die tuin gevind het. Hannes is bekommerd dat dit die werk van die reeksmoordenaar kan wees, maar Thomas maak dit af. Intussen het Thomas se pa vir inspekteur De Wet gebel oor Louisa se rok, maar hy sê dis heel moontlik die werk van 'n rondloper. Thomas se pa sê hulle moet 'n muur om die huis laat bou en daar moet daardie middag al opmetings gedoen word. Hannes gebruik dié kans en vra of hulle dan by sy huis kan gaan huiswerk doen. Thomas versteen toe Louisa vir sy pa sê die rok was in haar klerekas en nie in die tuin nie. Thomas se pa sê saggies dat daar dan iemand in hulle huis was.

24.1 Noem twee verskille tussen die eerste en tweede SMS wat Thomas vir Alex geskryf het.

24.2 Wat is Alex se SMS-taal vir Lilian en Lukas en wat gebruik sy vir “en”?
24.3 Die reeksmoordenaar het nog nooit voorheen so ’n groot fout begaan soos om ’n gedeeltelike vingerafdruk op die moordtoneel te los nie. Wat is die moontlike grootste rede vir hierdie fout?
24.4 Louisa se wit rok het nou al baie ter sprake gekom. Watter assosiasies maak mense gewoonlik met ’n wit rok?
24.5 Wanneer besef Thomas se pa dat daar iemand in hul huis was?

HOOFSTUKKE 25 – 27

Hoofstuk 25

Thomas, Alex, Hannes, Marelise, Lukas en Lilian gaan ysskaats. Die seuns vertel vir die ander daar is ’n effense krisis by Thomas se huis. Thomas hou vol dis net ’n bergie wat hulle treiter, maar Hannes sê dis die reeksmoordenaar. Thomas is baie gelukkig om saam met sy droommeisie te skaats en Hannes skaats woes saam met Marelise. Thomas besluit om vir hom en Alex koeldrank te gaan kry. Terwyl hy in die ry wag, kry hy twee SMS’e. Eers een van Hannes wat sê hy moet vir hulle ook koeldrank kry. Net daarna een van die onbekende nommer wat sê hy gaan lank in die ry wag en dat Thomas na die stuurder van die SMS moet gaan soek. Thomas gaan toilet toe en kry weer ’n SMS wat sê hy is warm op die spoor. ’n Stem roep sy naam uit een van die hokkies en Thomas loop nader. Hy sien niks en toe hy wegstap, gryp iemand hom van agter aan die keel.

25.1.1 Lukas sê Thomas se pa gaan sy “dingesvelle aftrek as hy uitvind” Thomas het gaan skaats terwyl hy eintlik gehok is. Dis egter nie hoe Thomas se pa hom straf nie. Verduidelik kortliks hoe hy gewoonlik vir Thomas straf.
25.1.2 Hoe verskil die manier hoe Thomas se pa hom straf van die manier hoe jou ouers of voogde jou straf?
25.2.1 Vertaal die lirieke van The Rasmus se liedjie *In the shadows* in Afrikaans.

25.2.2 Hoe sluit hierdie liedjie se lirieke aan by wat in die storie aangaan?
25.3 Wat in Thomas se kop laat hom steeds toilet toe gaan in plaas daarvan om te vlug?
25.4 Hoe het jy gevoel toe jy lees dat iemand vir Thomas aan die keel gegryp het?

Hoofstuk 26

Die reeksmoordenaar voel verwerp deur Louisa. Hy het na haar huis gegaan en 'n liefdevolle foto van haar en Thomas se pa gesien. Hy het haar rok vernietig om vir haar te wys hoe seer sy hom gemaak het. Hy dink daaraan dat hy vir Thomas amper vermoor het, maar Thomas was verrassend rats en het losgekom. Hy besluit om aan die werk te spring om eerste vir Thomas en dan Louisa die volgende dag te vermoor.

26.1 Hoekom voel die reeksmoordenaar seergemaak deur Louisa?
26.2 Hoe het Thomas van die reeksmoordenaar se ander slagoffers verskil?
26.3 Op watter maniere dink die reeksmoordenaar is hy beter as die meeste mense?

Hoofstuk 27

Thomas se keel is baie seer van die vorige dag se aanval, maar hy wil daardie middag se repetisie bywoon. Hy glo sy rugbyspeelervaring het hom gehelp loskom. Hy en sy vriende eet pizza. Hulle probeer hom oortuig dat hy sy pa van die SMS'e en die man by die wasgoeddraad moet vertel. Thomas probeer egter steeds vir Hannes oortuig dat die vreemde gebeure by hul huis redelike verklarings het. Sy pa is steeds baie kwaad vir hom omdat hy gaan skaats het. Thomas raak baie kwaad omdat Hannes-hulle aanhou karring en hy loop by die pizza-plek uit. Dit is nog 'n uur voor die repetisie begin en hy stap skool toe en besluit om te kyk hoe dit met Vuyo gaan. 'n Man oorkant die straat hou hom dop en begin hom agtervolg.

27.1 Hoekom kan Thomas bly wees hy speel rugby?

27.2 Thomas wil nie vir sy pa sê van die SMS'e en ander dinge nie. Sy vriende voel hy moet. Met wie stem jy saam? Sê hoekom jy so dink.
27.3 Dink jy die woorde: "Dit voel asof hy 'n hand vol drukspykers insluk" is 'n goeie vergelyking om Thomas se seer keel te beskryf? Sê kortliks hoekom.
27.4 Wie dink jy agtervolg vir Thomas toe hy skool toe loop?

HOOFSTUKKE 28 – 30

Hoofstuk 28

Thomas gaan kyk of Vuyo nog reg is. Hy het hom in meneer Du Toit se laboratorium laat bly terwyl hulle repeteer. In die saal roep juffrou Malherbe vir Thomas eenkant om uit te vind of hy goed genoeg voel om te repeteer en om te vra of hy en Alex uitgaan. Alex en Lilian is nog nie in die saal nie en hulle besluit om 'n paar minute vir hulle te wag. Hannes sê vir Thomas dat Alex vir Lilian by die hek wag. Toe Thomas haar SMS om te hoor waar sy is, kry hy een terug wat sê dat iemand haar volg en dat sy sy hulp in die musiekkamer nodig het. Thomas kry haar nie in die musiekkamer nie en kry net haar leë sak wat daar lê. Hy kry weer 'n SMS van Alex waarin sy om hulp roep. Alex antwoord nie haar foon nie, maar antwoord op Thomas se SMS dat sy in die laboratorium is. Op pad na die laboratorium loop Thomas in meneer Volschenk vas. Hy probeer vergeefs van Alex verduidelik en die skoolhoof konfiskeer sy foon. Hy hardloop verby meneer Volschenk laboratorium toe.

28.1 Dink jy daar is letterlik "honderde" komberse by Thomas-hulle se huis?
28.2 Hoekom vra juffrou Malherbe vir Thomas uit oor sy en Alex se verhouding? Gee twee moontlike redes.
28.3 Watter vredesgebaar maak Hannes teenoor Thomas?
28.4 Wat is 'n moontlike verklaring waarom Alex net SMS'e stuur en nie haar foon antwoord nie?
28.5 As jy in meneer Volschenk se skoene was, sou jy Thomas se storie oor Alex geglo het? Sê kortliks hoekom of hoekom nie.

28.6 Vir watter twee dinge bid Thomas voor hy by die laboratorium ingaan?

Hoofstuk 29

Thomas sluip deur die donker laboratorium en wens hy het vir Hannes en Lukas saamgebring en ook dat alles net weer normaal kan wees. Met 'n glasbotteltjie as wapen gaan hy die stoorkamertjie binne. 'n Flitslig verblind hom en hy laat val die botteltjie – die moordenaar het 'n foto van hom geneem. Die moordenaar wurg hom en hy begin sy bewussyn verloor. Vuyo slaan die moordenaar met 'n ysterstaaf bewusteloos en Thomas kan weer asemhaal. Vuyo wys na die man en noem hom in Xhosa "wit duiwel".

29.1 Daar is baie dinge wat die hele toneel in die laboratorium meer spannend maak. Rangskik die volgende vyf dinge in volgorde van belangrikheid. Nommer die dinge 1 tot 5. Nommer 1 moet die ding wees wat die meeste spanning skep.

- Dit is donker in die laboratorium.
- Daar is allerhande grillerige goed in die laboratorium.
- Thomas kan eers geen geluide hoor nie.
- Thomas het niemand saamgebring om hom te help nie.
- Die moordenaar is moontlik iewers in die laboratorium.

29.2 Hoe verrassend was dit vir jou dat Vuyo toe uiteindelik die held van die dag was? Kies een van die volgende en skryf die hele antwoord neer:

(a) Ek het dit glad nie verwag nie.
(b) Ek was redelik verras.
(c) Ek het geweet die oomblik toe Vuyo die eerste keer op die toneel verskyn.
(d) Ek het dit vermoed toe ek hoor dat Thomas na die laboratorium gaan.

Hoofstuk 30

Thomas lees die koerantopskrif: "Straatkind trek reeksmoordenaar vas!" en alles wat gebeur het voel vir hom baie onwerklik. Hy gee vir Louisa blomme terwyl sy pa met meneer Volschenk oor die

telefoon praat. Thomas se pa is baie kwaad vir meneer Volschenk omdat die skoolhoof die situasie met Thomas sleg gehanteer het. Alex is besig om 'n verklaring, by inspekteur De Wet af te lê en Louisa het vir haar gesê om ná die tyd by hulle te kom kuier. Hannes het by die skool weggeglip en kom hoor hoe dit met Thomas gaan. Alex daag ook op en almal gaan sit in die sitkamer en gesels. Alex vertel hulle dat sy die vorige dag vir Lilian gewag het, toe iemand haar sak gryp en weghardloop. Sy is onmiddellik daarna polisiestasie toe saam met Lilian en Lilian se pa. Die moordenaar het dus haar selfoon gehad en dis hoe hy vir Thomas SMS'e gestuur het. Thomas vertel dat die moordenaar eintlik agter Louisa aan was, maar dat hy wat Thomas is, in die pad was. Die forensiese span het DNS van die moordenaar in Thomas-hulle se spens gekry. Thomas sê dat Vuyo sy lewe gered het. Vuyo is tydelik by 'n skuiling, maar gaan later na 'n tehuis vir straatkinders. Daar word gereken dat Vuyo 'n ooggetuie was van een van die moordenaar se moorde en dis hoekom hy by die skool weggekruip het. Thomas en Alex is alleen in die sitkamer en hy soen haar weer.

30.1 Hoe kan 'n mens uit die koerantopskrif aan die begin van die hoofstuk aflei dat Vuyo nie die moordenaar doodgeslaan het nie?
30.2 Hoe wys Thomas vir Louisa dat hy haar liefhet en waardeer?
30.3 Hoekom lag Thomas toe sy pa vir meneer Volschenk 'n bynaam noem?
30.4 Waar is Alex daardie oggend?
30.5 Hoe dink Thomas het die forensiese span DNS van die moordenaar in die spens gekry?
30.6 Thomas se pa sê hy dink Vuyo sal 'n kans kry om 'n "seminormale" lewe in die tehuis vir straatkinders te lei. Skryf in twee sinne neer wat jy dink van Vuyo gaan word.
30.7 Kies een van die volgende aspekte van die boek wat jy die meeste geniet het en sê kortliks hoekom.
- Thomas en Alex se liefdesverhouding.
- Hannes se manewales en verhouding met Marelise.
- Die spanning oor wie die reeksmoordenaar is en wat hy gaan doen.
- Thomas se "oorwinning" oor Piet en meneer Volschenk.

5. Ruimte en tyd

Ruimte

Die plekke waar karakters in ’n verhaal leef en werk en beweeg, het ’n groot invloed op hul lewens. Dink byvoorbeeld aan Thomas-hulle se huis en die skool waar hulle oefen vir die toneelopvoering. Dit is ook by die skool waar Thomas die tweede keer deur die moordenaar aangeval word.

Wanneer plekke in ’n verhaal beskryf word op ’n manier dat daar ekstra betekenis deur die ruimtelike beskrywing en hantering verkry word, word so ’n plek ’n ruimte genoem. Ruimte is dus ’n plek waaraan betekenis geheg word. Ruimte sluit ook alle sintuiglike en emosionele belewenisse in. Ruimte is dus nie net ’n fisiese plek nie, maar ook ’n emosionele en sintuiglike omgewing.

Tyd

Die gebeure in ’n verhaal speel binne ’n bepaalde tyd of era af. Die verhaal speel ook binne ’n sekere tydsverloop af, tussen die begin en die einde van ’n verhaal moet ’n sekere aantal tyd verloop. Die Thomas-boeke speel in ’n moderne tyd af, daar is rekenaars en selfone. Die verhaal word ook chronologies vertel, al die gebeure volg op mekaar.

Vrae oor die ruimte en tyd

1. Watter plek(ke) in *THOMAS@SMS.NET* dink julle het betekenis vir Thomas en sy maats? Hoekom?
2. Dit is belangrik om op te let hoe die karakters oor die ruimtes voel. Dink julle die skool is ’n lekker of ’n slegte plek vir Thomas? Verduidelik deur na voorbeelde uit die teks te verwys.
3. Watter uitwerking het die teater op Thomas en sy maats? Verduidelik.
4. Hoe lank dink julle is die tydperk wat verloop vandat *THOMAS@SMS.NET* se storie begin tot dit klaar is?
5. Dink julle die vinnig groeiende tegnologie gaan maak dat die Thomas-boeke later as verouderd beskou gaan word?
6. Hoekom word daar meer tyd aan sekere gebeure afgestaan, terwyl ander nie genoem word nie?

6. Vertelperspektief

Verteller

Die een wat vertel of wie se stem gehoor word, is die verteller. Die outeur en die verteller is nie dieselfde persoon nie. Die verteller en fokalisator (die een wie se siening gegee word) kan dieselfde instansie wees, maar dit is nie noodwendig so nie. Soms vertel 'n verteller iemand anders se verhaal en gee iemand anders se mening weer. Daar is drie verskillende soorte vertellers:

- 'n **Eksterne verteller** staan heeltemal buite die verhaal en is gewoonlik anoniem. Dié verteller word ook 'n alomteenwoordige derdepersoonsverteller genoem. Die eksterne verteller weet alles van die karakters en gebeure.
- 'n **Interne verteller** is deel van die verhaal, maar nie noodwendig 'n karakter nie. Hy ken die karakters se gevoelens en gedagtes. Dit word ook 'n anonieme/beperkte derdepersoonsverteller genoem.
- 'n **Karaktergebonde verteller** is een van die karakters en vertel self wat hy beleef en beskryf die ander karakters in sy woorde. Dit word ook 'n eerstepersoonsverteller genoem en verwys na hom-/haarself as "ek".

Fokalisator

Die fokalisator is die een wat sien in 'n verhaal. Die fokalisator is die instansie wie se siening op 'n bepaalde plek in die verhaal weergegee word. Daar is drie verskillende soorte fokalisators:

- 'n **Eksterne fokalisator** is een wat van buite die verhaal kyk en alles weet van die karakters. Hy is slegs 'n kykende instansie en nie deel van die verhaal nie.
- 'n **Interne fokalisator** is die "ek" of 'n "hy/sy" wat binne die verhaal staan. Hierdie fokalisator kan nie alles weet of orals wees nie en sy eie visie bepaal die beoordeling van wat hy sien. Die leser moet hiervan kennis neem.
- 'n **Karaktergebonde fokalisator** is 'n spesiale vorm van interne fokalisasie. Een van die karakters is die fokalisator en gee sy siening, mening en oordeel van gebeure en ander karakters. In *THOMAS@SMS.NET* is die hoofkarakter, Thomas, grootliks die fokalisator.

Vrae oor die verteller en fokalisator

1. Watter soort verteller kry ons in *THOMAS@SMS.NET*?
2. Is die verteller(s) geloofwaardig? Hoekom?
3. Deur wie se oë sien ons die gebeure en karakters? Is daar net een fokalisator?
4. Sou die storie anders gewees het as dit deur iemand anders se oogpunt vertel is?
5. Watter invloed het die wisselende fokalisasie op die verhaal?

7. Intrige

Een van die basiese aspekte van ’n verhaal is dat daar met die karakters dinge gebeur; hulle handel en tree op. Handelinge is een van die fundamentele elemente van ’n vertelling. Dit hoef nie net uiterlik te wees nie, dit kan ook innerlik, in ’n persoon se gedagtes of drome, wees.

Die intrige of plot is die reeks gebeure waaruit ’n verhaal opgebou is. Die intrige is onlosmaaklik deel van handeling. Die intrige of plot is die belangrikste deel van ’n verhaal, want sonder gebeure kan daar nie ’n verhaal wees nie.

’n Verhaal verskaf ’n prentjie van die lewe in beweging, soos dit van oomblik na oomblik ontwikkel en verander. Dit impliseer dat daar noodwendig ’n bepaalde aanvangsoomblik moet wees, met progressie in die handeling, bewegende na die slotoomblik.

Die klassieke plot lyk soos volg:



Vrae oor die intrige/plot

1. Dink julle dat *THOMAS@SMS.NET* se intrige soos hierdie kurwe lyk? Hoekom?
2. Waar dink julle was die klimaks van die verhaal?
3. Dink julle die feit dat Thomas se pa hom hok, het 'n invloed op die verhaal?
4. Dink julle Thomas se pa is te streng en onregverdig? Wie dink julle het begrip vir Thomas?

8. Karakterisering

Sonder karakters kan daar geen verhaal wees nie. Die karakter moet menslike eienskappe hê en die leser moet kan identifiseer met 'n bepaalde karakter. Die skrywer selekteer slegs sekere feite wat nodig is om die karakter in sy ontwikkeling uit te beeld.

Karakters word tradisioneel in **"ronde" (driedimensionele)** en **"plat" (tweedimensionele) karakters** ingedeel. Die ronde karakters is nie net goed of sleg, maar ware mense. Dié tipe karakter ondergaan ook 'n soort innerlike ontwikkeling of progressie deur die loop van die verhaal. Die plat karakters bly meestal tipes en word nie as "werklike" mense voorgestel nie. Hulle is voorspelbaar en sonder verrassende moontlikhede, ontwikkel min of niks en kan in enkele woorde geskets word. Thomas is 'n ronde karakter, terwyl Piet Senekal en selfs Thomas se pa eerder plat karakters is.

Daar word van **direkte en indirekte uitbeelding** gebruik gemaak om 'n karakter te skep. Direkte uitbeelding is wanneer die skrywer direk te werk gaan en openlik vir die leser vertel wie en wat die karakter is, hoe hy lyk en waarom hy doen wat hy doen. Die volgende vrae kan handig te pas kom om die karakteriseringstegnieke raak te sien:

- Watter inligting kom uit **direkte beskrywings** van die karakter na vore? Hoe lyk hy, watter klere dra hy, wat is sy lyftaal en houding teenoor sy omgewing en ander karakters? Dink byvoorbeeld hier aan die eerste dag wat Thomas teruggaan skool toe. Hy loop traag en is lusteloos. Thomas dink dit is sleg om terug te wees by die skool, hy sal liewer iets anders wil doen.

- Watter **kommentaar** word deur die verteller op ’n karakter gelewer? Thomas, as fokalisator, lewer baie kommentaar op die ander karakters in die verhaal. Dink byvoorbeeld aan die manier hoe hy Piet Senekal beskryf.
- Wat **doen** en **sê** die karakter? Wat kan jy aflei van sy doen en late oor sy persoonlikheid? Thomas is lief vir rekenaarspeletjies, hy’s gewild en het baie vriende, hy hou van sport en is lief vir pizza. Handeling en dialoog is van die beste karakteriseringstegnieke wat gebruik word.

Indirekte uitbeelding gee inligting oor die karakter op ’n indirekte wyse. Die volgende vrae kan hiermee help:

- Wat **sê** en **dink** die ander karakters van mekaar? Thomas het baie vriende, maar Piet Senekal en meneer Volschenk hou nie van hom nie.
- Watter **kommentaar** word **indirek** op die karakter gelewer deur ander karakters se houding teenoor hom?
- Wat is die **verhouding** tussen die karakters?

In elke verhaal is daar ’n **protagonis** (die hoofkarakter, in hierdie geval Thomas Steyn) en ’n **antagonis** (wat gewoonlik teenoor die hoofkarakter staan, in dié geval veral die reeksmoordenaar). Die verhaal wentel om die protagonis en dit is ook gewoonlik dié karakter se gevoelens en gedagtes wat op die voorgrond is. Die antagonis is die karakter wat die protagonis teenstaan of hom probeer verhoed om sy doel te bereik. In ’n verhaal kan daar meer as een protagonis of antagonis wees. In *THOMAS@SMS.NET* is Thomas die protagonis. Hy het egter verskeie antagoniste. Eerstens is daar Piet Senekal; Thomas wil met alle geweld die hoofrol in die toneelopvoering voor Piet wegraap. Dan is daar ook meneer Volschenk wat nie van Thomas hou nie en hom skors vir ’n paar dae nadat hy vir Piet geslaan het. Die hoofantagonis in die verhaal is die reeksmoordenaar. Sonder dat Thomas dit weet (hy vind dit eers aan die einde van die verhaal uit), wil die reeksmoordenaar hom uit die weg ruim sodat hy by Louisa kan uitkom.

Dis baie belangrik vir ’n karakter om geloofwaardig te wees. As ’n karakter nie geloofwaardig is nie, sal die leser nie met hom kan identifiseer nie. Die karakter se handelinge en dialoog moet pas

by die “gewone lewe”. Geloofwaardigheid het dus te make met die leser se persepsies oor karakters en die situasies waarin hulle hulself bevind. Stereotipering moet ook nie te veel gebruik word nie. ’n Stereotipe is ’n oorvereenvoudige idee van ’n persoon of ’n groep mense.

Vrae oor die karakters (makliker vrae)

1. Wie is die hoofkarakter in *THOMAS@SMS.NET*?
2. Watter karakters is goeie vriende met die hoofkarakter?
3. Watter karakters hou nie van die hoofkarakter nie?
4. Hoe lyk Thomas? Beskryf hom in soveel moontlik detail.
5. Wat weet ons van Thomas se persoonlikheid?
6. Wat is die verhouding tussen Louisa en Thomas?

Vrae oor die karakters (moeiliker vrae)

1. Is daar ’n duidelike protagonis in *THOMAS@SMS.NET?*
2. Is daar net een antagonis? Wie is die hoofantagonis? Verduidelik.
3. Op watter maniere word die hoofkarakter gekarakteriseer?
4. Is die karakters vir julle geloofwaardig? Verduidelik.
5. Wat dink julle kom ons agter uit die kursiefgedrukte gedeeltes oor die reeksmoordenaar se karakter?
6. Is daar enige karakters wat julle voel die verhaal swakker maak? Hoekom?

9. Temas, motiewe en simbole

Temas

Die tema in ’n verhaal is die grondgedagte waaromheen die verhaal plaasvind, bv. terrorisme, droogte, jaloesie, moord, ens. Die tema kan enkelvoudig of verwikkeld wees. Dit is die deurdringende lewenswysheid wat in die verhaal vergestalt word. Die tema is ook die draer van die boodskap van die verhaal. Die boodskap is die moontlike wêreldinsig of boodskap wat die skrywer wil hê die leser uit die verhaal moet kry. Die tema in *THOMAS@SMS.NET* is dat ’n seun, Thomas, deur jeugliefde, vinnig groeiende

tegnologie, moord en misdaad sy pad deur die lewe moet vind. Dit is nie altyd vir hom maklik nie en hy verlang na sy ma. Hy stem selfs in om die toneeloudisie te doen omdat sy ouers op die verhoog ontmoet het.

Motiewe

'n Motief is 'n element wat herhaaldelik in verhale voorkom en tradisioneel het so 'n element telkens dieselfde betekenis, soos byvoorbeeld die rooi roos wat in verband met die liefde staan. Die saak en die betekenis van die verhaal word in die motief saamgevat. Wanneer 'n motief in 'n verhaal herhaaldelik gebruik word, kry so 'n motief meer betekenis. Só 'n motief word ook dan die draer van die tema. Daar moet egter onderskei word tussen die motief en die tema. 'n Motief is 'n konkrete tekselement wat in die verhaal voorkom, terwyl die tema die abstrakte betekenis van hierdie tekselement (motief) is. Byvoorbeeld, in *THOMAS@SMS.NET*, kan die jeugliefde, moord (misdaad), tegnologie (selfone en rekenaars) en vriendskap almal as motiewe gesien word.

Simbole

Wanneer 'n bepaalde saak of beeld herhaaldelik in 'n verhaal voorkom, kan dit simboliese betekenis kry. So 'n beeld of saak word dan 'n simbool, wat telkens 'n hele reeks betekenisse en emosies by die leser oproep. So is die kruis die simbool van die Christendom, terwyl die lelie reinheid simboliseer.

Vrae oor die tema, motiewe en simbole

1. Wat dink julle is belangrike motiewe in die verhaal? Hoekom sê julle so?
2. Dink julle daar is enige simbole in *THOMAS@SMS.NET?*
3. Wat is die tema van *THOMAS@SMS.NET?*
4. Dink julle Thomas is 'n goeie voorbeeld van 'n gemiddelde tiener? Verduidelik.

10. Taalgebruik

Gepaste taalgebruik is taalgebruik wat binne ’n bepaalde konteks op stilistiese vlak aanvaarbaar is vir die leser. Met ander woorde, die spesifieke konteks waarbinne die verhaal afspeel, bepaal of die taalgebruik in die verhaal aanvaarbaar vir die leser behoort te wees. ’n Jeugboek, soos *THOMAS@SMS.NET,* gaan nie geskik vir jongmense wees as dit in perfekte en korrekte Afrikaans geskryf is nie. Dit is nie hoe tieners praat nie. As die lesers nie met die taalgebruik kan identifiseer nie, gaan hulle die boek ook nie as geloofwaardig beskou nie.

THOMAS@SMS.NET is in loslit-Afrikaans geskryf, dit is geskryf soos die gemiddelde tiener deesdae praat. Die vraag is nou: Gaan dié boeke se taalgebruik ’n invloed hê op die gewildheid van die boeke oor twintig jaar? Werk hierdie taalgebruik vir die leerders? Laat hulle gerus daaroor gesels.

Jargon

Die tegniese woordeskat van ’n stelsel, bedryf of saak, byvoorbeeld rekenaarterme en mediese verwysings.

Register

Dit gaan hier oor die wyse waarop ’n mens praat of skryf. Die register hang dikwels af van die konteks, iemand sal dus op ’n sekere manier praat in sy werkgewer se kantoor, maar op ’n heel ander manier as hy tussen sy vriende is. Dink byvoorbeeld aan die manier hoe Thomas met meneer Volschenk praat en hoe hy met sy vriende praat.

Vrae oor die taalregister

1. Kyk na Thomas en sy vriende se taalgebruik. Dink julle dis hoe tieners praat, of nie? Dink julle dit gaan verouderd raak? Hoekom sê julle so?
2. Dink julle dit is reg om Engelse woorde in Afrikaanse sinne te gebruik, of nie?
3. Is daar enige gebruik van jargon in *THOMAS@SMS.NET*? Verduidelik.

11. Opsomming van die boek

Dit is die begin van graad nege en Thomas en sy vriende geniet die laaste paar dae van die vakansie. Thomas en Hannes moet Thomas se pa se skootrekenaar by die werk gaan regmaak en sit toe saam met ’n man in die hysbak vas. Thomas dink die man is die reeksmoordenaar wat in die Kaap bedrywig is. Later blyk dit nie die geval te wees nie.

Terug by die skool is daar ’n nuwe leerling, Piet Senekal, wat hopeloos te vriendelik na Thomas se sin met Alex gesels. Ná ’n konfrontasie tussen die twee, slaan Thomas vir Piet. Thomas word vir ’n paar dae van die skool geskors en Thomas se pa is so kwaad daaroor dat hy hom verbied om sy rekenaar vir enigiets buiten skoolwerk te gebruik en hom hok vir ’n maand. Dit beteken dat Thomas die interhuisdans gaan misloop, die ideale geleentheid om Alex te vra om sy meisie te wees. Die aand van die interhuisdans kom al sy vriende na hom toe en hy kan uiteindelik vir Alex vra om sy meisie te wees.

Die paar dae by die huis gee vir Thomas kans om, met Louisa se hulp, te oefen vir die toneeloudisie wat hy Alex belowe het hy sal doen. Thomas wil graag die hoofrol hê, aangesien die manlike hoofrol die kans kry om Alex te soen! Thomas skop stof in Piet Senekal se oë en kry die hoofrol. Tydens ’n oefening een middag ontdek Thomas ’n straatkind, Vuyo, agter in die saal. Lilian en Alex steek hom daar weg nadat hulle hom een middag daar gekry het. Die kind het iets vreesliks gesien en beskou die skool as ’n veilige hawe.

Intussen begin die regte reeksmoordenaar om Louisa, Thomas se stiefma, te agtervolg. Sy is sy nuutste teiken. Hy kruip in Thomas-hulle se spens weg, word deur Hannes opgemerk buite die sitkamervenster, word betrap deur Thomas terwyl hy een van Louisa se rokke vashou en steel selfs een van haar rokke uit haar kas uit en sny dit stukkend.

Die reeksmoordenaar beskou Thomas as ’n hindernis; elke keer as die moordenaar naby Louisa kom, is Thomas die een wat onbewustelik sy planne in die wiele ry. Ná ’n mislukte aanval by die yskaatsbaan, steel die moordenaar Alex se selfoon en stuur SMS’e aan Thomas net voor een van hulle toneeloefeninge by

die skool. Thomas dink Alex is in die moeilikheid en word so-doende weggelok van sy vriende, reg in die hande van die reeks-moordenaar! Net toe Thomas dink dis die einde, kom Vuyo tot sy redding. Vuyo het die moordenaar iemand sien vermoor en dis hoekom hy so vreesbevange was en by die skool weggekruip het. Thomas word gered en die reeksmoordenaar gevang.

12. Voorgestelde antwoorde

Titel, omslag en flapteks

1. Die titel is heel gepas vir die boek, aangesien selfone en veral sms'e 'n groot rol in die boek speel. Die titel van die boek, wat in dieselfde formaat as die vorige boeke in die reeks geskryf is, veroorsaak dat dié boek ook as deel van die reeks geskou word.
2. Sien teorie vir antwoorde. 'n Titel gee die eerste aanduiding vir die leser oor die inhoud van die boek. 'n Titel van 'n boek is ook, buiten vir die voorblad en flapteks, een van die eerste dinge wat 'n leser aantrek.
3. Eie antwoorde oor watter boeke hulle al gelees het. Die titel is in dieselfde formaat as die vorige titels in die reeks geskryf, byvoorbeeld THOMAS@.....net.
4. Eie antwoorde. Die voorblad maak my baie lus om die boek te lees. Die donker geheimsinnige figuur op die voorblad trek aandag en laat mens wonder waaroor die storie gaan.
5. Die voorblaaie stem beslis ooreen, Thomas is op elke voor-blad. Op baie van die voorblaaie is Alex ook, alhoewel sy nie op hierdie boek se voorblad is nie. Die verskille tussen hierdie voorblad en van die ander voorblaaie is dat Alex nie op hierdie voorblad is nie. Op hierdie voorblad is die ge-heimsinnige donker figuur en 'n selfoon die sentrale foka-lisasiepunte, saam met Thomas natuurlik, op die voorblad.
6. Dit is uiters funksioneel dat Thomas op elke voorblad is. Hy is dan die hoofkarakter! Elke titel in die reeks bevat ook Thomas se naam. Dit help die leser om ook te kan sien wie Thomas is en hoe hy lyk.
7. Die titel en die omslag pas perfek bymekaar. Daar is 'n selfoon op die voorblad en die titel het die woord "SMS" in.

Die leser weet dadelik dat selfone en veral SMS'e 'n groot rol in die boek gaan speel.

8. Eie antwoorde, dink kreatief! Mens kon dalk 'n foto van Louisa of Vuyo op die voorblad sit. Hulle speel tog ook groot rolle in die boek.
9. Ek dink nie die flapteks gee te veel weg van die boek nie. Die flapteks is net 'n lusmakertjie. Die flapteks sê byvoorbeeld glad nie dat Louisa en later Thomas die reeksmoordenaar se teikens word nie.
10. Eie antwoorde. Dalk sou die flapteks kon noem dat die reeksmoordenaar Louisa as sy volgende slagoffer beskou, maar dat hy eers vir Thomas uit die weg wil ruim. Maar sou dit nie te veel weggee nie? Bespreek dit gerus onder mekaar.

Hoofstuk 1

1.1 Hy verloor drie keer in 'n ry in die MonsterTeacher-speletjie.

1.2.1 Dit is vir hom baie belangrik: hy "haat dit" (bl. 5) as mense laat is.

1.2.2 Eie opinie. [Moontlikhede: stiptelikheid wys jy respekteer ander mense se tyd / dit is goeie maniere / mense het ook ander afsprake wat deur 'n laarkommery beïnvloed kan word.]

1.3 Dit is in Januarie. Dit is die laaste dag van die somervakansie wat, in Suid-Afrika, gewoonlik in Januarie is.

1.4 Twee moontlikhede: "die stad lyk vandag weer soos 'n Greenday-konsert" of "toeriste staan soos Pringle-chips in 'n houer".

1.5 Hy het 'n vreemde uitdrukking op sy gesig, sy arms hang slap langs sy lyf en dit lyk of hy doktershandskoene aanhet.

1.6 Thomas sien die vreemde man in die hyser se oë volg hom toe hy vir oulaas terugkyk.

1.7 Johan / Oom Johan

1.8 Hy noem hulle "rekenaar-genieë".

1.9 Hy korrigeer homself elke keer as hy 'n Engelse woord gebruik. Hy sê eers "mails" en "junk", maar sê dan "e-posboodskappe" en "gemorspos".

1.10 Sy is altyd op dieet wat beteken dat hy ook nie genoeg kos

kry nie en is daarom “alewig honger”.

1.11 Hy het al omtrent ses vroue, elke keer op dieselfde manier, vermoor. Hy lewer briefies af by die koerant of polisie as hy iemand vermoor het. Niemand weet nog vir seker wie hy is nie, maar daar is ’n verdagte.

1.12 Die ou het ’n snaakse gesig wat vir Thomas bekend lyk.

Hoofstuk 2

2.1 Hy sien dieselfde vreemde man wat vroeër saam met hulle in die hysbak was.

2.2.1 Ek smaak jou oor ’n honderd.

2.2.2 Dié “romantiese” boodskap is van Lizemarie af en dit klink of Thomas se meisie se naam Alex is.

2.3 Hy lyk soos die verdagte op die faks, daar is bloedspatsels op sy hemp en die man het ’n groot mes in sy binnesak.

2.4 Ja, die man het ’n lang gesig met ingesonke wange en sy oë lyk dood en donker. Baie skurke in flieks en boeke lyk so effens ongesond met gevoellose, donker oë.

2.5 Thomas het kort, donker hare en Hannes het woeste, blonde hare.

2.6 beset; lui net; is af

2.7 Jeffrey / Jeff

2.8 Louisa

2.9 Sy ma-hulle is daardie week weg van die huis af.

2.10 Sy het uitgevind daar is ’n kragonderbreking in sy pa se gebou en sy het sy pa ingelig dat hulle daar vassit.

2.11 Eie opinie. [Moontlikhede: skree om hulp / vra die man uit oor die mes / bly koelkop en praat met Jeff asof niks verkeerd is nie sodat hy nie agterdogtig raak nie.]

Hoofstuk 3

3.1 Die man in die hysbak het ontsnap omdat die polisie gedink het die hyser gaan op die derde verdieping stop.

3.2 Advokaat Steyn

3.3 Marelise Koep van Potchefstroom

3.4 Hy sien vir Alex en hoe fantasties sy lyk.

3.5 Eie opinie. [Moontlikhede: Nee, dit is dalk bietjie te gou in die storie en te toevallig dat hulle pas oor hom gepraat het

en nou verskyn hy. / Ja, dit is baie duidelik dat hy besig is met iets verkeerds – veral die mes wat hy het.]

Hoofstuk 4

4.1 pizza; sielkundige; Alex; Malherbe

4.2 Hy hoor sy pa en oorlede ma het deur 'n toneelstuk ontmoet en hy wil graag nader aan Alex kom.

4.3.1 Oros-man

4.3.2 Hy is moontlik vet, rond en het dalk rooi hare.

4.4 Thomas se pa wil hê hulle moet weer met die polisie se sielkundige praat.

Hoofstuk 5

5.1 (b), (e), (c), (a), (d)

5.2.1 Eie opinie. [Moontlikhede: Hy is dalk bang Thomas gaan hom terg. / Hy is nog onseker oor wat tussen hulle aangaan en wil nie later in die verleentheid gestel word as dinge nie uitwerk nie.]

5.2.2 Eie opinie. [Nee, meisies praat gewoonlik oor hoe hulle voel en veral met mekaar oor wat in hulle lewens aangaan. / Ja, ek is 'n seun en kan nooit agterkom wat meisies wil hê of wat hulle regtig dink nie.]

5.3 Sy skryf vir "een van die Kaap se groot Engelse dagblaaie."

Hoofstuk 6

6.1.1 Al die letters is skuinsgedruk.

6.1.2 Die storie word uit 'n ander perspektief vertel. Gewoonlik is dit vanuit Thomas se perspektief, maar in hierdie hoofstuk is dit vanuit die onbekende man se perspektief.

6.2 Die man is moontlik die reeksmoordenaar en ook Jeffrey. Hy beloer mense en as hy die vrou sien, raak hy opgewonde en dit klink asof hy haar iets wil aandoen. Jeffrey het handskoene gehad en dié man trek ook handskoene aan.

6.3 Dit is moontlik Louisa, Thomas en Hannes. Die seuns het nie skool toe gegaan nie en die onbekende man sien hulle dalk toe Louisa hulle van die sielkundige af huis toe gebring het.

Hoofstuk 7

7.1 babas
7.2 Piet lyk baie netjies en Thomas wil nie by hom afsteek nie.
7.3 Sy lag en sy druk kort-kort 'n haarsliert agter haar oor in.
7.4 Eie opinie. [Moontlikheid: Hy kon wegstap en later kalm met Piet praat waar hulle alleen is.]

Hoofstuk 8

8.1 "waggel" en "kreun"
8.2 Meneer Volschenk is bevooroordeeld teenoor Thomas en dink hy is 'n moeilikheidmaker. Hy sal ook eerder Piet se kant kies omdat Piet baie talentvol is en sy pa gaan baie geld vir die skool gee.
8.3 Eie opinie. [Moontlike aanbevelings van die belangrikste redes: Hy sal in meer en groter moeilikheid beland. Hy sal sy gesin in die verleentheid stel.]

Hoofstuk 9

9.1 Die tienerseuns wat die onbekende man sien, het donker en blonde hare soos Thomas en Hannes onderskeidelik.
9.2 bang / gespanne
9.3 Die stem is moontlik Thomas s'n en hy sou nie by die huis gewees het as meneer Volschenk hom nie huis toe gestuur het nie.

Hoofstuk 10

10.1 In die vorige hoofstuk het die man in 'n spens gaan wegkruip toe hy 'n vrou en 'n jonger persoon se stemme hoor.
10.2 Die gloeilamp in die spens het vroeër geblaas.
10.3 Eie opinie. [Moontlikheid: Dit laat my bang en gespanne voel omdat hulle moontlik in gevaar verkeer en hulle weet dit nie.]

Hoofstuk 11

11.1 Thabo is by 'n Engelse privaatskool en hulle is baie goed toegerus met tegnologie. Thomas is in 'n Afrikaanse staatskool en hulle het net die gewone tegnologie – beslis nie skootrekenaars met netwerkverbindings vir al die leerders in al die klasse nie.

11.2 Eie reëls oor selfone. [Moontlikhede: mag glad nie selfone skool toe bring nie / mag selfone bring, maar hulle mag nie tydens skoolure gebruik word nie.]

Eie gevoel daaroor. [Moontlikhede: Die reëls maak sin, want dan raak selfone nie gesteel nie en leerders kan leer sonder dat selfone hulle aandag aftrek. / Die reëls is simpel, want mens moet leer om jou besittings op te pas.]

11.3 Hy wil mos meer tyd saam met Alex spandeer en as Piet boonop die hoofrol kry, sal Thomas wil seker maak hy is ook daar sodat Piet nie vir Alex kan "steel" nie.

Hoofstuk 12

12.1 Hy reken hy kan netsowel bo dertig wees, want Piet loop rond asof sy ma 'n besemstok aan sy hemp vasgewerk het.

12.2 Hy sê net "skollies" slaan aan ander mense en Thomas is nie so grootgemaak nie.

12.3 Hannes lê klem op die feit dat dit oor 'n lekker moordstorie gaan. Alex daarenteen laat blyk dat sy en Thomas sal soen as hulle die hoofrolle speel.

12.4 Sy het in die Kunstekaap en by die Klein Karoo Nasionale Kunstefees en sulke plekke opgetree.

Hoofstuk 13

13.1.1 saal
13.1.2 Piet
13.1.3 Alex
13.1.4 Lilian
13.1.5 beligting
13.1.6 Darius
13.1.7 Brink
13.1.8 Ninette

13.2 Hy het Piet se beledigings geïgnoreer en eerder op positiewe dinge gefokus.

Hoofstuk 14

14.1 Hulle vergeet soms om die alarm te stel, hy het maklik die vorige keer by die agterdeur in- en uitgeglip en hulle het nog nie agtergekom dat hy 'n sleutel gesteel het nie.

14.2 Hannes het gesê hy het iemand by die venster gesien.
14.3 Eie keuse(s). [Moontlik: (e) en (b)]

Hoofstuk 15

15.1 Waar. Sy antwoord “huiwerig” as Thomas haar uitvra en gee net toe dat dit “lyk” of hy vol van homself is en dat hy dalk soos ander selfsugtige akteurs kan wees.
15.2 Hy mag vir ’n maand nie uitgaan nie en mag sy rekenaar net vir skoolwerk gebruik.
15.3.1 Sy pa kom nooit in die spens nie.
15.3.2 Sy pa maak nooit kos in die huis nie.
15.4 Daar was “iemand” in hulle spens.

Hoofstuk 16

16.1 Hy het nie eintlik vir die atletiek geoefen nie, maar neem hom voor om wel voor die tyd vir die rugbyseisoen te begin voorberei.
16.2 Hy dink dis sommer simpel.
16.3 Hy is steeds gehok en voel daarom seker uitgesluit.
16.4 Hy wou die moordenaar speel en nou speel hy die ou wat vermoor word.
16.5 Eie opinie. [Moontlikhede: Ja, as mens tot ’n Vrydag geskors is, beteken dit jy mag eers weer die Maandag skool toe kom. / Nee, tegnies gesproke is Thomas se skorsing aan die einde van die skooldag op daardie Vrydag verby.]

Hoofstuk 17

17.1.1 (e)
17.1.2 (a)
17.1.3 (f)
17.1.4 (b)
17.1.5 (c)
17.1.6 (d)
17.2 Eie raaiskoot. [Moontlikhede: Die man wat al twee keer in Thomas-hulle se huis was. / Die man wat met Louisa se wit rok in sy hande gestaan het. / Die reeksmoordenaar.]

Hoofstuk 18

18.1 Dit maak die verhaal meer spannend.

18.2 Die seun meng altyd (per ongeluk) in as die man iets aan die vrou wil doen. Die seun kom huis toe as hy by die skool moet wees en loop in die erf rond as hy in die huis moet wees. / Die man voel die seun staan tussen hom en die vrou.

Hoofstuk 19

19.1

Hoofstuk 20

20.1 Eie opinie. [Moontlikhede: Ja, op my ouderdom het die meeste van die seuns nie baarde nie en dit klink bietjie te volwasse. / Nee, baie van my maats het baarde en ek vind dit glad nie “grillerig” nie.]

20.2 Hy sê dis makliker.

20.3 Lilian weet ook dat Vuyo daar is en daarom is dit nie nodig om dit vir haar geheim te hou nie.

20.4 “wit duiwel” en “wapen”
20.5 Die polisieman beskryf die toestand van die moordtoneel “asof die duiwel losgelaat is”. Vuyo praat ook van ’n duiwel.

Hoofstuk 21

21.1 Die kinders op die pawiljoen is aangetrek volgens spesifieke kleure: blou, geel en rooi.
21.2 Hy reken nie dit sal nodig wees om dit ooit te gebruik nie.
21.3 Thomas

Hoofstuk 22

22.1 Eie antwoord. [Moontlikhede: Ja, my ouers gaan dikwels uit en dan is ek alleen by die huis. / Nee, ek gaan kuier altyd by vriende of familie as my ouers gaan.]
22.2 Hy het die vorige dag ’n anonieme SMS ontvang wat hom aanraai om meer oplettend te wees, want ’n mens weet nooit wie agter jou loop nie.
22.3 Sy het sy gunsteling vir hom saamgebring.
22.4 Sy probeer selfs ’n ongewilde seun, wat baie mense verkeerd opvryf, verdedig en om sy optrede te probeer verstaan.
22.5 Eie opinie. [Moontlikhede: die moordenaar / Hannes]

Hoofstuk 23

23.1 Die moordenaar het die sleutel van die deur en hy is nou agter Thomas aan.
23.2 Sy onthou dat Vuyo oor dieselfde ding praat.
23.3 Hy dink sy is glad nie sleg nie en lyk oulik, maar darem nie so oulik soos Alex nie.
23.4 Hulle is almal besig om aan sy en Alex se pizzas te eet.
23.5 Thomas het haar gevra om sy meisie te wees en hulle het gesoen.

Hoofstuk 24

24.1 Hy noem haar “beatiful A” in die tweede een en sê ook hulle het iets om te vier.
24.2 Sy gebruik “l&l” vir Lilian en Lukas en “+” vir “en”.

24.3 Sy planne met Louisa werk nie reg uit nie en hy raak daarom gefrustreerd en roekeloos.
24.4 Die assosiasies met ’n wit rok is ’n troue, reinheid en onskuld.
24.5 Hy besef dit toe Louisa vir hom sê die geskeurde rok het nie buite gehang nie en was die vorige middag nog in haar klerekas.

Hoofstuk 25

25.1.1 Thomas se pa raas gewoonlik met hom en bly vir ’n ruk kwaad. As Thomas regtig iets verkeerd gedoen het, hok sy pa hom en verbied hom om sy rekenaar vir onstpanning te gebruik.
25.1.2 Eie ervaring. [Moontlikhede: My ouers slaan my / praat kalm met my / doen gewoonlik niks nie.]
25.2.2 Ek het dopgehou / Ek het gewag / In die skaduwees die hele tyd / Ek het gesoek / Ek het gelewe / Vir môres my hele lewe lank
25.2.2 Net soos in die liedjie hou iemand (die reeksmoordenaar) vir Louisa en Thomas dop. Hy kruip ook weg en wag vir iets wat hy graag in die toekoms wil doen.
25.3 Hy maak homself steeds wys dat daar nie regtig gevaar is nie. Hy reken dis net toevallig dat iemand vir hom ’n SMS stuur en glo steeds die man wat hy in die tuin gesien het, moet ’n bergie wees.
25.4 Eie reaksie. [Moontlikhede: Ek het geskrik en was baie bang. / Ek het dit verwag aangesien Thomas net kort tevore ’n dreig-SMS ontvang het.]

Hoofstuk 26

26.1 Sy ignoreer hom en omdat sy saam met ’n ander man is.
26.2 Thomas was rats en nie so “gewillig” soos die ander slagoffers nie. Die reeksmoordenaar val ook gewoonlik vroue (nie seuns nie) aan.
26.3 Hy reken hy dink, neem goed waar en beplan. Volgens hom gaan die meeste mense in ’n dwaal deur die lewe: hulle sien en hoor niks.

Hoofstuk 27

27.1 Dit het moontlik sy lewe gered, want toe die man hom gryp, het hy instinktief gereageer asof iemand hom hoogvat en toe kon hy homself loswriemel.

27.2 Eie opinie. [Moontlikhede: Ek stem met Thomas se vriende saam, want dit is beter dat volwassenes al die inligting het: hulle sal beter weet wat om daarmee te maak. / Ek stem met Thomas saam, want dit is onnodig om jou ouers onnodig op hol te jaag.]

27.3 Eie opinie. [Moontlikheid: Ja, ek weet hoe skerp drukspykers is en ek kan my goed voorstel hoe seer Thomas se keel moes wees n.a.v. die vergelyking.]

27.4 Die reeksmoordenaar.

Hoofstuk 28

28.1 Nee.

28.2 Hulle speel die hoofkarakters in die stuk en dit sal goed wees vir hul vertolkings as hulle werklik ook goed oor die weg kom. Juffrou Malherbe is net effens bekommerd dat as hulle opbreek dit die stuk negatief kan beïnvloed.

28.3 Hy bring vir Thomas die pizza wat Thomas in die restaurant gelos het.

28.4 Sy is in gevaar en mens kan in stilte SMS, maar nie praat nie: haar agtervolger sal haar hoor.

28.5 Eie opinie. [Moontlikhede: Ja, dit moes uit Thomas se gesig en houding duidelik gewees het dat hy die waarheid praat. / Nee, ek sou gedink het dis net weer een van Thomas se stories.]

28.6 Hy bid dat Alex daar is en dat sy niks oorgekom het nie.

Hoofstuk 29

29.1 Eie volgorde. [Moontlikheid: 1. Dit is donker in die laboratorium. 2. Die moordenaar is moontlik iewers in die laboratorium. 3. Thomas het niemand saamgebring om hom te help nie. 4. Thomas kan eers geen geluide hoor nie. 5. Daar is allerhande grillerige goed in die laboratorium.

29.2 Eie keuse. [Moontlikhede: (b) of (d)]

Hoofstuk 30

30.1 Die opskrif lui “Straatkind trek reeksmoordenaar vas”. Dit beteken hy is gevang. Die opskrif sou beslis ook iets gesê het as hy hom doodgeslaan het.

30.2 Hy gee vir haar blomme.

30.3 Sy pa noem hom verkeerdelik “Liqui Fruit-man” en nie “Oros-man” soos wat Thomas-hulle hom noem nie.

30.4 Sy is by inspekteur De Wet om ’n verklaring af te lê.

30.5 Hy dink hulle het seker hare of iets gekry.

30.6 Eie bespiegelings. [Moontlikhede: Daar gaan mense wees wat vir hom sorg en hy gaan veiliger en gelukkiger wees. Hy sal die geleentheid kry om skool toe te gaan en om vir homself ’n beter toekoms te bou.]

30.7 Eie opinie. [Moontlikhede:

- Thomas en Alex se liefdesverhouding: Ek hou van liefdesverhale en dit is iets waarvan mense van my ouderdom hou om te lees.
- Hannes se manewales en verhouding met Marelise: Hannes is baie snaaks en koel en sy verhouding met Marelise het my baie aan die wonder gehou.
- Die spanning oor wie die reeksmoordenaar is en wat hy gaan doen: Ek het regtig omgegee vir die karakters en was bang vir wat hy aan die karakters gaan doen. Dit was lekker om te lees dat hy gevang is en dat hy nie vir Louisa of Thomas vermoor het nie.
- Thomas se “oorwinning” oor Piet en meneer Volschenk: Ek was die hele tyd aan Thomas se kant en dit was goed dat hy aan die einde as die held uit die verhaal getree het.]

Ruimte en tyd

1. Die skool speel ’n groot rol in Thomas-hulle se lewe. Dit is nie altyd ’n positiewe ruimte vir Thomas nie, dit is waar hy Piet Senekal slaan en waar die skoolhoof gedurig sy mes vir Thomas in het. Die skool is ook die plek waar Thomas aangeval word. ’n Positiewe konnotasie aan die skool is dat dit die plek is waar hulle oefen vir die toneelopvoering en waar Thomas tyd saam met Alex kan bestee. Thomas se huis en die internetkafee is ruimtes waar hy veilig en gemaklik voel en die

hysbak is weer ’n ruimte waarin hulle vasgekeer was.

2. Die skool is definitief nie vir Thomas ’n lekker plek om te wees nie, hy was byvoorbeeld baie bly toe hy en Hannes ’n dag skool kon mis ná die voorval in die hysbak. Kyk hier ook na hoofstuk 1 en 4. Thomas verwys byvoorbeeld na die skool as “die tronkselle”.
3. Thomas voel op sy senuwees oor die toneeloudisie wat hy op die verhoog moet doen. Alex dink ’n teater is spokerig. Dit is ook in die teater waar hulle aanvanklik die straatkind, Vuyo, wegsteek.
4. Die presiese tydsverloop word nie genoem nie, maar dit moet oor ’n aantal weke wees.
5. Tegnologie groei vinnig en daar is ’n moontlikheid dat die boeke oor ’n aantal jare as verouderd beskou kan word. Iets soos selfone en rekenaars sal egter nooit uit die mode gaan nie en sal altyd relevant in die boeke bly. Die selfone en rekenaars gaan dalk net in die toekoms tegnologies meer gevorderd wees.
6. Dit word seleksie genoem. Die outeur kies die dele wat belangriker is en waaraan sy meer aandag wil skenk. Sekere gebeure is nie belangrik vir die storie nie, sommige skooldae word nie eers genoem nie omdat dit nie die storie aanhelp nie. Daar word ook nie melding gemaak van elke interaksie tussen Thomas en sy vriende nie, maar as hy vir Alex uitvra, word daar baie tyd daaraan afgestaan.

Vertelperspektief

1. Hier word gebruik gemaak van ’n interne of ’n beperkte/anonieme derdepersoonsverteller. Die leser het insae in Thomas en die moordenaar se gedagtes en gevoelens, maar nie in sy vriende s’n nie.
2. Die verteller is geloofwaardig omdat dit juis uit Thomas en die moordenaar se oogpunte vertel word.
3. Die fokalisasie wissel tussen Thomas en die reeksmoordenaar. Daar word kort hoofstukke aan die moordenaar se gedagtes en gevoelens afgestaan.
4. Beslis. Dink byvoorbeeld daaraan as Louisa die fokalisator was. Dit sou ’n heel ander storie gewees het. Die boek sou

ook dan nie so relevant vir jonger lesers gewees het nie.

5. Die moordenaar se siening word gegee en dit help om spanning te bou, want die leser weet wat hy beplan.

Intrige

1. Eie antwoorde. Ja. Ons leer die karakters ken, Thomas-hulle sit in die hysbak vas, Thomas kry die hoofrol in die toneelopvoering, die moordenaar kom telkemale in die verhaal en uiteindelik val hy finaal vir Thomas by die skool aan.
2. Daar waar Thomas dink die reeksmoordenaar het vir Alex gevang en waar hy self deur die moordenaar aangeval word. Wat dink die leerders?
3. Ja, as Thomas se pa hom nie gehok het nie, kon hy nie saam met Louisa vir die toneeloudisie geoefen het nie en sou hy dalk nie die rol kry nie.
4. Louisa is redeliker as sy pa, sy probeer rede insien en luister na Thomas as hy praat. Sy help hom ook oefen vir sy oudisie en gee vir hom goeie raad.

Karakters (makliker vrae)

1. Thomas
2. Hannes, Alex, Lukas, Louisa en Thabo
3. Piet Senekal, meneer Volschenk en die reeksmoordenaar
4. Hy het kort swart hare en blou oë. Hy hou van sport en is dus atleties gebou.
5. Hy is mal oor sport, rekenaars en Alex! Hy is nie dom nie, maar hy is ook nie altyd lus om sy huiswerk te doen nie. Hy is lief vir lekker kos, veral pizza. Hy hou van sy solderkamer, want dit is lekker privaat. Hy ontdek ook ’n nuwe liefde vir toneelspeel.
6. Louisa is sy stiefma. Hy sê altyd sy maak lekker kos, maar hulle het nie altyd juis veel van ’n verhouding gehad nie. In *THOMAS@SMS.NET* is dit asof hul verhouding aansienlik meer diepte kry, sy help hom om te oefen vir die toneeloudisie en hy is dankbaar omdat sy hom verstaan. Hy help haar ook met sy babasussie.

Karakters (moeiliker vrae)

1. Ja, Thomas.
2. Die hoofantagonis is die reeksmoordenaar, hoewel Piet Senekal en meneer Volschenk ook as antagoniste gesien kan word.
3. Thomas word veral deur dialoog en handeling gekarakteriseer. Sy verhouding met sy vriende en Alex is ook beeldend van sy karakter.
4. Eie antwoorde. Die karakters is geloofwaardig juis omdat hulle, soos die lesers, tieners is. Die lesers kan met die karakters identifiseer omdat die karakters deur dieselfde dinge as die lesers gaan.
5. Die moordenaar is mal en heeltemal obsessief oor Louisa. Hy het alle sin vir wat reg en verkeerd is, verloor. Hy beskou Thomas as in die pad en doen alles in sy vermoë om Thomas uit die weg te ruim sodat hy by Louisa kan uitkom.
6. Eie antwoorde. Van die karakters kan as stereotipies beskou word en dit kan die verhaal swakker maak. Dink hier byvoorbeeld aan Mnr. Volschenk en selfs Piet Senekal. Die reeksmoordenaar se uitbeelding kan ook as stereotipies beskou word.

Tema, motiewe en simbole

1. Jeugliefde, moord (misdaad), tegnologie (selfone en rekenaars) en vriendskap kan almal as belangrike motiewe in die boek beskou word. Leerders moet net hul antwoord kan rugsteun en verduidelik.
2. Eie antwoorde. Is die selfoon dalk ’n simbool van tegnologie? En die moordenaar kan dalk as ’n simbool van die misdaad in Suid-Afrika beskou word. Dink daaroor.
3. Die stryd vir ’n tienerseun om groot te word tussen misdaad, groeiende tegnologie, jeugliefdes, kwaaivriendskappe, ens.
4. Ja, hy hou van sport, rekenaarspeletjies en pizza. Hy is verlief op ’n meisie en kom goed met sy vriende oor die weg. Hy hou ook glad nie van skool nie.

Taalregister

1. Eie antwoorde. Thomas en sy vriende se taalgebruik is geloofwaardig. Dit is hoe tieners deesdae praat. Dit kan dalk in die toekoms as verouderd beskou word, aangesien daar gedurig groei in 'n taal is. Daar word aanhoudend nuwe woorde en frases in 'n taal uitgedink.
2. Eie antwoorde. In die geval van 'n boek kan dit uiters funksioneel wees wanneer Engelse woorde tydens Afrikaanse dialoog gebruik word, veral wanneer dit tieners is wat praat. Dit is 'n middel wat die skrywer aanwend om die karakters te karakteriseer.
3. Die taal van rekenaars, selfone en die internet kan as jargon gesien word. Dink julle die SMS-taal wat Thomas-hulle gebruik in hulle SMS'e kan ook as jargon beskou word?

13. Resensie van *THOMAS@SMS.NET*

Twee lekker jeugboeke vir die vakansietyd

THOMAS@SMS.NET deur Carina Diedericks-Hugo, Lapa, R49,95

THOMAS is deesdae een van die bekendste Afrikaanse jeugboekkarakters, en met reg so. Carina Diedericks-Hugo se Thomas@-reeks is gewild omdat die stories so vinnig en propvol avontuur verloop. Die nuutste Thomas-avontuur, Thomas@SMS .net, is geen uitsondering nie. Dit is moontlik die opwindendste boek tot dusver in die reeks. Die nuwe skooljaar begin maar vrot vir Thomas – hy en sy beste vriend, Hannes, het 'n nare ondervinding in'n hysbak en dan word hy boonop vir 'n week geskors omdat hy die nuwe seun in die skool geslaan het. Die enigste voordeel van die week by die huis, is dat sy stiefma, Louisa, hom kan help om voor te berei vir die toneeloudisie – die manlike hoofspeler kry immers die kans om vir Alex te soen. Maar dan begin 'n reeksmoordenaar paniek saai in Kaapstad en dit lyk of dinge nie heeltemal gaan uitwerk soos Thomas beplan het nie.

Die storie loop vinnig en daar is 'n heerlike kombinasie van spanning, humor en romanse. Jong lesers wat nog nie met Thomas en sy rekenaaren pizzaverslaafde maats kennis gemaak het nie, kan ook die vorige drie boeke, Thomas@Moord.net, Thomas @Skerpioen.net en Thomas@Aqua. net, aanskaf.

Volksblad, 10 Januarie 2005

Moontlike vrae aan leerders oor die resensie (“*Twee lekker jeugboeke vir die vakansietyd” – Volksblad,* 10 Januarie 2005)

1. Hoekom is die Thomas@-reeks so gewild? *Die stories beweeg so vinnig en is propvol avontuur.*
2. Hoekom begin die skooljaar op ’n slegte noot vir Thomas? *Hy en sy beste vriend, Hannes, het ’n nare ondervinding in ’n hysbak en dan word hy boonop geskors toe hy die nuwe seun in die skool slaan.*
3. Waarvan is daar ’n heerlike kombinasie in die storie? *Die storie het* ’n *heerlike kombinasie van spanning, humor en romanse.*
4. Noem die vorige drie boeke in die reeks. *THOMAS@MOORD.NET, THOMAS@SKERPIOEN.NET en THOMAS@AQUA.NET.*
5. Wat verwag jy van *THOMAS@SMS.NET*? *Eie antwoorde. Ek verwag ’n boek propvol avontuur, spanning en intriges.*

14. Praat- en skryfaktiwiteite

14.1 SKRYF

1. Skryf ’n vriendskaplike brief
   - Op bl. 85 skryf Hannes ’n brief aan Marelise in die Afrikaansklas.
   - Verbeel jou jy is Hannes en skryf daardie brief aan Marelise.
   - Probeer om die brief so getrou as moontlik aan Hannes, die stadium in hul verhouding en die gebeure in die storie te maak.
   - Nadat jy jou eerste weergawe geskryf het, moet jy dit redigeer en veral aandag gee aan die inhoud, formaat, trant, spelling en punktuasie.
   - Skryf dan jou brief netjies oor.
   - Die volgende Assesseringsrubriek gaan gebruik word om jou brief te assesseer:

ASSESERINGSRUBRIEK: Vriendskaplike brief

	KRITERIA	PUNT				
1.	Inhoud: Is die inhoud geloofwaardig en interessant?	5	4	3	2	1
2.	Inleiding en slot: Is die inleiding treffend en sluit die slot sinvol daarby aan?	5	4	3	2	1
3.	Formaat: Is die adres, aanhef en slot korrek? Is paragrawe sinvol gebruik?	5	4	3	2	1
4.	Taal, styl en spelling: Het redigering meeste spel- en taalfoute uitgeskakel? Is leestekens korrek gebruik? Is die styl, toon en register gepas vir die teikenleser?	5	4	3	2	1
	TOTAAL uit 20					

2. Skryf ’n dagboekinskrywing/blog-inskrywing
   - Werk op jou eie en skryf ’n dagboek/blog-inskrywing.
   - Kies enige van die karakters in die boek en skryf dit vanuit daardie karakter se perspektief.
   - Die inskrywing kan op enige tydstip in die verhaal gemaak word, maar moet oor een dag wees.
   - Die feite van wat daardie dag gebeur het, moet daar wees, maar dit is nie die fokus van die inskrywing nie. Die fokus is op hoe die karakter voel oor die gebeure.
   - Onthou om ’n datum boaan jou inskrywing te hê.
   - Nadat jy jou eerste weergawe geskryf het, moet jy dit redigeer en veral aandag gee aan die inhoud, spelling en punktuasie.
   - Skryf dan jou inskrywing netjies oor en dui aan of jy ’n dagboek- of blog-inskrywing geskryf het.
   - Die volgende Assesseringsrubriek gaan gebruik word om jou inskrywing te assesseer:

ASSESERINGSRUBRIEK: Dagboekinskrywing/blog-inskrywing

	KRITERIA	PUNT				
1.	Inhoud: Is die inhoud geloofwaardig en interessant? Is daar 'n sterk persoonlike/ emosionele respons en nie net bloot die opteken van gebeure nie?	5	4	3	2	1
2.	Styl, toon en register: Is die styl, toon en register gepas vir die teikenleser? Oortuig dit as die karakter uit wie se perspektief geskryf word?	5	4	3	2	1
3.	Formaat: Is daar 'n datum boaan die inskrywing? Is paragrawe sinvol en met afwisseling gebruik?	5	4	3	2	1
4.	Taal en spelling: Het redigering meeste spel- en taalfoute uitgeskakel? Is leestekens korrek en interessant gebruik en afgewissel?	5	4	3	2	1
	TOTAAL uit 20					

3. Skryf 'n koerantberig
   - Werk op jou eie en skryf 'n koerantberig.
   - Die opskrif van jou berig is: STRAATKIND TREK REEKS-MOORDENAAR VAS!
   - Onthou om die vyf "W's" in jou eerste paragraaf te hê: Wie? Wat? Waar? Wanneer? en Waarom?
   - Die res van die berig moet verdere besonderhede uit die boek in dalende volgorde van belangrikheid bevat.
   - Maak jou berig interessant deur 'n aanhaling van byvoorbeeld Thomas of inspekteur De Wet in te sluit.
   - Nadat jy jou eerste weergawe geskryf het, moet jy dit redigeer en veral aandag gee aan spelling, struktuur en punktuasie.
   - Ruil jou rofwerk met 'n maat en maak aan mekaar redigeringsvoorstelle om die berigte te verbeter.

- Skryf dan jou berig netjies in twee kolomme oor.
- Die volgende Assesseringsrubriek gaan gebruik word om jou berig te assesseer:

ASSESERINGSRUBRIEK: Koerantberig

	KRITERIA	PUNT				
1.	Inhoud: Is die inhoud gebaseer op die feite? Gee die berig die nodige inligting?	5	4	3	2	1
2.	Inleiding en ontwikkeling: Bevat die inleiding die 5 W's? Is die nodige en interessantste feite in dalende volgorde gerangskik?	5	4	3	2	1
3.	Formaat en styl: Is die berig in twee kolomme met 'n groot opskrif? Is die styl, toon en register gepas en formeel genoeg vir 'n koerantberig?	5	4	3	2	1
4.	Taal en spelling: Het redigering meeste spel- en taalfoute uitgeskakel? Is leestekens korrek gebruik?	5	4	3	2	1
	TOTAAL uit 20					

14.2 PRAAT

1. Doen 'n dialoog/rolspel.
   - Werk in groepe van twee.
   - Berei 'n dialoog voor.
   - Die karakters in die dialoog is 'n verslaggewer wat praat met Thomas, Alex, Vuyo of mnr. Volschenk.
   - Die tyd wanneer die gesprek plaasvind, is die oggend nadat die moordenaar by Thomas se skool gevang is.
   - Die verslaggewer moet feite oor die gebeure uitvind en hoe die karakters gevoel het.
   - Wees veral kreatief as julle Vuyo of mnr. Volschenk kies, want ons hoor nie in die boek presies wat met hulle gebeur het nie.

- Oefen die dialoog en gee veral aandag aan hoorbaarheid, vlotheid en geloofwaardige karakteruitbeelding.
- Lewer die dialoog.
- Die volgende Assesseringsrubriek gaan gebruik word om julle gesprek te assesseer:

ASSESERINGSRUBRIEK: Gesprek/rolspel

	KRITERIA	PUNT				
1.	Inhoud: Is die inhoud gebaseer op die feite en geloofwaardige veronderstellings? Is 'n emosionele respons ook teenwoordig?	5	4	3	2	1
2.	Bou: Het die gesprek 'n goeie begin, sinvolle ontwikkeling en duidelike einde?	5	4	3	2	1
3.	Verband met teks: Is daar 'n duidelike verband met *THOMAS@sms.net*? Is die karakters oortuigend en strook die uitbeelding met gegewens in die teks?	5	4	3	2	1
4.	Aanbieding: Is dialoog duidelik hoorbaar en word dit met selfvertroue en geesdrif gelewer? Is die gesprek vlot?	5	4	3	2	1
5.	Spanwerk: Is goeie spanwerk in die voor-bereiding en lewering duidelik? Reageer sprekers sinvol op mekaar?	5	4	3	2	1
6.	Taalgebruik: Is taalgebruik korrek en gepas vir die situasie? Is idiomatiese taalgebruik teenwoordig?	5	4	3	2	1
	TOTAAL uit 30					

2. Hou 'n klasbespreking.
   Hou 'n klasbespreking en soek moontlike antwoorde op die volgende vrae:

- Aan watter ander boek/rolprent/TV-program laat *THOMAS@sms.net* jou dink? Wat is die ooreenkomste?
- Watter akteurs dink jy sal die beste wees om die rolle van die hoofkarakters te vertolk? Wat maak hulle geskik?
- Wat dink jy is die agtergrond van die reeksmoordenaar? Waar het hy grootgeword en hoe was sy kinderjare? Waar dink jy het dinge vir hom begin verkeerd loop?
- Watter soort persoon dink jy was Thomas se ma? Wat het sy en Thomas saam gedoen? Hoe dink jy was die verhouding tussen haar en Thomas se pa?
- Watter aspekte sou jy aan die boek verander het? Sou jy dalk meer van sekere dinge en minder van ander dinge wou hoor?
- Hoe verteenwoordigend dink jy is die karakters in die boek? Is daar in die werklike lewe mense soos die hoofkarakters?
- Wat sou jy kon sê om mense te oortuig dat mnr. Volschenk en Piet Senekal redes het hoekom hulle optree soos wat hulle doen? Watter goeie eienskappe het hulle moontlik?
- Aan watter groep sou Thomas en sy vriende in julle skool behoort het? Sou hulle deel van die gewilde, ongewilde, eksklusiewe, sportiewe ens. groep wees? Hoekom dink jy is daar "groepe" in hoërskole?
- Dink jy dat informele, gemengde en SMS-taal oral gebruik moet word? Sal sulke taalgebruik in alles situasie werk? Wat is die moontlike redes vir gestandaardiseerde taalgebruik?
- Hoe sou die storie moontlik in 'n ander volgorde vertel kon word? Waar sou dit kon begin en hoe sal die res van die gebeure dan daarop volg? Watter effek sal so 'n verandering kon hê?

Voor die klasbespreking begin, moet jy eers drie vrae kies en 'n paar gedagtes daaroor neerskryf.

- Jou opvoeder sal die bespreking lei en vir jou die geleentheid gee om te sê wat jy dink.
- Onthou om goed te luister na ander leerders en om te wag tot die opvoeder vir jou geleentheid gee om jou mening te lug.

- Wees sensitief vir ander se regte en gevoelens.
- Indien jy nie met iets saamstem nie, probeer om ander op 'n diplomatiese, sensitiewe manier van jou standpunt te oortuig.

3. Voorbereide toespraak
   - Kies 'n onderwerp uit *THOMAS@sms.net* waaroor jy kan navorsing doen.
   - Berei 'n voorbereide toespraak voor waarin jy inligting oor die onderwerp met jou klasmaats kom deel.
   - Jy kan jou eie onderwerp kies, maar hier is 'n paar voorstelle: Die profiel van 'n reeksmoordenaar. Die verskil tussen staat- en privaatskole. Hoe word straatkinders gehelp? Misdaad en Suid-Afrika.
   - Maak seker jy het 'n interessante inleiding en slot.
   - Die liggaam van jou toespraak moet drie hoofdele hê.
   - Oefen jou toespraak goed by die huis en maak seker dat jy dit so goed ken dat jy kan oogkontak maak. Wanneer jy praat, moet dit hard en duidelik en nie te vinnig of te stadig wees nie.
   - Lewer jou toespraak.
   - Die volgende Assesseringsrubriek gaan gebruik word om jou toespraak te assesseer:

ASSESERINGSRUBRIEK: Voorbereide toespraak

	KRITERIA	PUNT				
1.	Inleiding en slot: Is die inleiding en slot treffend en maak dit 'n impak?	5	4	3	2	1
2.	Bou: Het die toespraak drie duidelike hoofdele? Volg al die dele logies op mekaar en is daar duidelike samehang?	5	4	3	2	1
3.	Navorsing: Is dit duidelik dat bronne geraadpleeg is? Bevat die toespraak bewyse van navorsing soos statistiek, aanhalings of verwysings na bronne?	5	4	3	2	1

4.	Aanbieding: Is die toespraak duidelik hoorbaar en word dit met selfvertroue en geesdrif gelewer? Is die toespraak vlot?	5	4	3	2	1
5.	Taalgebruik: Is taalgebruik korrek en gepas vir die situasie? Is idiomatiese taalgebruik teenwoordig? Word die korrekte terminologie gebruik?	5	4	3	2	1
6.	Algemene indruk: Het die toespraak in sy doel geslaag? Is die keuse en hantering van die onderwerp geskik en gepas vir die teiken-groep?	5	4	3	2	1
	TOTAAL uit 30					